

Avontuur
op die
Strand
Louis Nel

# Avontuur op die Strand

## Louis Nel

Saamgestel deur
Mosbolletjie Publikasies
louis@dagstukkie.co.za
082 771 4925
www.dagstukkie.co.za

# Inhoud


Vlooie op die Strand!

Slakke en Kastaiings

In die Kuswoud

Verdwaal?

Die Rots

Vioolkrappe en Moddervissies

Getye

Bloublasies en Komkommers

Sluwe, Slinkse Seekat




Gaan Na Inhoudsopgawe

# Vlooie op die Strand!

"Boetie, wag vir my! Wag! Ek kan nie so vinnig hardloop nie!" skree Adri vir haar boetie Chris. Hy is so opgewonde om op die strand te kom, dat hy net eenvoudig nie vir sy draaikous-sussie kan wag nie. "Maak gou Adri! Die laagwater gaan netnou verby wees, en dan kan ons niks op die rotse sien nie!"

Die pragtige, ongerepte, goue strand hier op Oupa Gert se plaas aan die KwaZulu-Natal Noordkus wink vir hom. Hier is die pragtigste rotspoeletjies met

asemrowende seelewe in, en wanneer dit laagwater is, is dit doodveilig om op die rotse rond te loop en jou te verwonder aan al die kleurvolle seediertjies.

Oupa se plaashuis is hoog op 'n bult gebou, 'n paar honderd meter weg van die see af. Tussen die huis en die see lê 'n ongerepte strook digte, lowergroen kuswoud. Oupa Gert wil hierdie woud bewaar, "want dit beskerm die strand", sê Oupa. Chris verstaan dit nie so mooi nie, maar hy vertrou dat Oupa weet waarvan hy praat.

"Kom tog nou sussie!" por hy vir Adri aan, wat nou eers weer gaan sit het om 'n skoenlappertjie te bewonder wat op 'n spierwit sterretjie- blommetjie kom nektar soek. Sy sien nie eers die verskriklike dorings van die plant raak nie - vlymskerp dorings wat soos tweetand-vurkies lyk. Die bos met sy donkergroen, harde blaartjies is oortrek met bloedrooi vruggies, so groot soos 'n mens se duim. "Noem-noem", onthou Chris die plant se naam. Oupa het hom vertel dat 'n mens die vruggies kan

eet, maar eers as hulle baie ryp is, anders is daar taai, wit melk wat aan jou lippe vasklou.



Chris en Adri het twee dae gelede hier aangekom uit Pretoria. Dit was groot opwinding toe hulle twee stoksiel-salig-alleen op die vliegtuig klim vir hulle vakansie by Oupa Gert en Ouma Annie. 'n Uur later land die vliegtuig op Koning Shaka Lughawe, waar Oupa Gert

hulle ontmoet met sy brullende vier-by-vier bakkie.

Skaars 'n halfuur later ry hulle stamp-stamp oor die slegte grondpaadjie vol slaggate na die plaas toe. Oral rondom hulle is suikerriet lande. Oupa het gestop en vir elkeen 'n lekker dik stuk sappige, soet suikerriet afgesny met sy knipmes. "Dis goed vir jou tande - maak hulle sterk!" het Oupa gesê. En toe kou hulle dat die sop so spat, al die pad tot by die ruim ou plaashuis.

Daardie aand hang Chris aan Oupa se lippe, want Oupa weet alles van die see en seediere en plante af. Oupa is baie slim - dit besef Chris baie gou.

Uiteindelik is Adri klaar gekyk (eintlik het die skoenlappertjie weg gevlieg), en hulle hardloop oor die laaste duin na die strand. Die sagte sand is vuurwarm onder hulle voete, en hulle moet vinnig hardloop om by die koel, klam sand te kom waar die branders met hoogwater gespoel het.

“Wie bly daar, boetie?” wys Adri na ‘n gaatjie in die klam sand. Langs die gaatjie lê ‘n hopie sand, soos ‘n piepklein mynhopie, en daar is klein spoortjies om die gaatjie.

“Dis ‘n spookkrap,” verduidelik Chris. Nou voel hy baie belangrik, dat hy vir sy sussie van hierdie interessante diertjie kan vertel, want Oupa het hom net gister geleer van die spookkrap. “Hy is eintlik ‘n nagdier,” vertel Chris, “partykeer kom hy bedags ook uit, maar in die nag hardloop daar

duisende van hulle oral op die strand rond."



Adri gril - om te dink dat die krappe onder jou voete moet rondhol as jy in die aand op die strand stap! Jiggie! "Is hulle gevaarlik? Sal hulle nie aan jou tone kom byt nie?" wil sy weet.



"Ag nee man, moenie laf wees nie!" lag Chris, "hulle is bang vir mense - hulle hardloop baie vinnig weg as jy net naby hulle kom. Eintlik eet hulle net aas - jy weet mos - dooie goed wat die see uitspoel, soos bloublasies en jellievisse en goed." stel hy haar gerus. "Oupa sê hulle bly baie diep onder die sand - 'n volle meter diep."

 **Gaan Na Inhoudsopgawe**

"Sjoe!" sug Adri vol bewondering.

En dan onthou Chris nog iets interessant: "Spookkrappe kan nie asemhaal soos mense nie, weet jy? Spookkrappe het water nodig om suurstof in te kry, net soos visse."

"Suurstof?" wil sy weet, "wat is suurstof?"

"Dit is die lug wat jy inasem, Dommie! Oupa sê dat spookkrappe 'n bondeltjie haartjies het waarin hulle water saamdra as hulle op die strand kom, en dan kry hulle suurstof daaruit. As die water opdroog, moet hulle in die


Gaan Na Inhoudsopgawe

branders inhardloop om weer water te kry."

Hierdie verduideliking verstaan Adri gladnie, maar nouja, sy is mos nog nie so slim soos haar boetie om sulke ingewikkelde goete te verstaan nie.

"Hier bly seker niks anders op die strand nie né?" vra Adri as sy omkyk na die wit sand agter haar. "Ek sien niks wat hier beweeg nie!"

"O, jy moenie 'n fout maak nie - hier waar jy nou sit, wemel dit van klein diertjies."

Adri spring verskrik op en bestudeer die sand waar sy nou net gesit het: "Aag jy jok man! Ek sien dan niks!"

Chris bars uit van die lag: "Nee Dommie, dit is mikroskopiese klein diertjies - so klein dat jy hulle nie kan sien nie. Oupa sê 'n mens noem hulle Meiofauna - 'n verskriklike groot woord vir verskriklike klein diertjies. Vir elke krap of gogga wat jy op die strand sien, is daar vyftienduisend van hierdie piepklein goetertjies."

"Hoe lyk hierdie mei.... mei..... watsegoed?" wil Adri weet.

"Meiofauna! Party lyk glo soos klein wurmpies en ander weer soos klein, klein kreweltjies." Adri gril by die blote gedagte. "Daar kan glo tot 'n honderd-en-sestig-duisend van hulle wees in die ou kolletjie waar jy nou sit!" vertel Chris met 'n vermakerige glimlag op sy gesig. Hy geniet dit om sy sussie se siel so uit te torring.

"O ja," gaan Chris voort, "en dan is daar nog die groter diertjies ook, soos die ploegslakke. Hulle kruip

bedags onder die nat sand weg waar die branders spoel, sodat die son hulle nie uitdroog nie, en wanneer daar 'n dooie seediertjie uitspoel, dan kom hulle vinnig uit en hardloop na die ding toe om dit te eet."

"Maar hoe weet hulle as daar iets uitgespoel het?"



"O, hulle kan verskriklik goed ruik! En Oupa sê dat hulle selfs bloublasies kan eet - die steekselle waarmee 'n

bloublasie jou kan brand, maak aan hulle niks nie."

"Sjoe!" Adri staan verstom oor haar boetie se ongelooflike kennis.

"Maar dis nie al nie - hier in die nat sand in die brandertjies is daar ook witmossels en molkrappe (party mense noem hulle seeluise) en sandkreweltjies. Die krewels bly in buise in die sand."

"Kom ons gaan kyk wat in die rotspoeletjies is Boetie." vra Adri, en sy spring sommer op.

"Ja, voor die strandvlooie jou opvreet!" spot hy. Maar voor sy dalk verkeerde gedagtes kry, verduidelik hy: "Nee, strandvlooie byt nie mense nie. Hulle eet vrot seegras wat op die strand uitspoel. Hulle kom net uit wanneer dit donker is, en dan kan daar duisende van hulle aan een stuk seebamboes sit en eet."

"Kom ons loop!" gril Adri, en sy begin uitbundig hardloop na die rotspoeletjies toe.

# Slakke en Kastaiings

Dis spring-gety en laagwater. Dit beteken dat die groot rotsbank totaal oop lê. 'n Mens kan duidelik die verskillende getysones sien - soos in lae afgemerk op die rotse. Hoog op, ver van die water af, is die littorina-sone - so noem die geleerde mense dit. Of jy kan dit sommer ook die spat-sone noem, want hier spat die branders net so af-en-toe met hoogwater.

Oupa Gert het mooi vir Chris verduidelik waar hierdie snaakse naam vandaan kom: "Dit is oor

daardie piepklein blou-grys slakkies wat jy daar op die rotse kry." het Oupa vertel, "Hulle naam is Littorina." Chris onthou dat hulle eintlik ook maar alikreukels is - dieselfde as daardie slakke wat partykeer sommer lekker groot kan raak in die rotspoele. "Kyk, hierdie is Littorina slakkies Adri," wys hy hulle vir sy sussie. Die rotse is vuurwarm gebak deur die son, en hulle kruip weg in die voue van die rots om uit die moordende son weg te kom. Party van hulle hang aan 'n dun slymdraadjie soos

‘n stringetjie krale om van die warm rotswand af weg te kom.

Net ‘n entjie laer af teen die rotse is daar ‘n plaat vlymskerp wit skulpe vasgemessel aan die rotse. “Oesters.” verduidelik Chris. “Kyk, hierdie oesters lyk of hulle ‘n breë gordel om die rotse maak. Oupa sê mens noem dit die oestergordel.”

“Wat is hulle Boetie?” Sy voel aan die klipharde goed, en dan sny die skerp randjie van ‘n oester haar vinger dat sy “Eina!” skree, en haar vinger in haar mond druk. Gelukkig is dit net ‘n klein snytjie.

"Eintlik is hulle maar slakke. 'n Mens kan hulle eet - hulle is baie lekker! Mens eet hulle so heeltemal rou." En hy beduie met 'n "ghloeb" geluid hoe 'n mens die glibberige slak afsluk.

"Oeeee, Jiggie!" gril Adri, "nee dankie!"

Oesters lyk so verskriklik dig toe, dat niks en niemand by hulle kan uitkom nie, maar wanneer dit hoogwater is, en die branders oor hulle spoel, dan maak hulle oop om klein kosdeeltjies uit die seewater te kry. Die enigste vyande wat

hulle het (buiten honger mense!) is seesterre en wulke (moerbeislakke).

"Adri, nou wil ek jou 'n baie moeilike woord leer: **Balanoïede**."

"Aag sies Chris! Ek gaan vir Pappa vertel dat jy my wil leer vloek!"



"Nee, my liewe sussie - dit is nie 'n vloekwoord nie. Dit is een van die getysones. Die Balanoïede-sone. Sien jy hierdie snaakse goeters wat aan die rotse sit, wat soos

klein vulkaantjies lyk? Dit is eendmossels. Hulle regte naam is eintlik Balanoïede. Omdat hier so baie van hulle is, noem hulle dit die Balanoïede-sone. Eintlik is hulle gladnie mossels nie - hulle is klein kreweltjies - amper soos krappies. Maar hulle is vasgegom aan die rotse, en niks kan hulle daar afkry nie."

Adri bekyk die klein "vulkaantjie" van naby: "Haai, dit lyk asof daar twee handjies is wat iets toehou, binne in die gaatjie."

Chris bekyk die klein diertjie baie goed, en dan verduidelik hy: "Dit is twee harde plaatjies wat die kreweltjie beskerm. Die kreweltjie se agterpootjies lyk soos twee klein waaiertjies. Met hoogwater maak hulle oop, en dan staan die kreweltjie op sy kop, en dan steek hy sy agterpootjies uit die dop uit en vang kos wat verby spoel in sy net-pootjies."

"Dis snaaks!" lag Adri. "Oeee kyk!" skree sy, en beduie na 'n klein poeletjie daar naby. Daar staan die allerfraaiste klein plantjie met

ragfyn spiraal waaiertjies onder die helder water. Sy buk af en raak vol verwondering aan die waaiertjie. En dan gee sy 'n gilletjie en pluk verskrik haar hand uit die water uit.

"Wat's fout?" wil Chris weet, en hy storm nader.

"Dit was nou net daar, en nou is dit weg! Net toe ek aan die plantjie raak, toe verdwyn hy!"



Chris lê soos hy lag. "Jy is lekker gevang!"

**dsopgawe**

kreun hy dit uit van die lag. “Daardie ding waaraan jy geraak het, is nie ‘n plant nie - dit is ‘n waaierwurm.”

“‘n Wurm! Ag nee jiggie - jy kon my gewaarsku het! Ek gril vir wurms!”

“Nee Adri, dis darem nie ‘n gewone wurm nie - dit is ‘n buiswurm. Sien jy die wit buisie wat aan die rots vasgemessel is? Hy bly daarin, en dan steek hy sy verestoffertjie by die opening uit om klein kosdeeltjies te vang. As iets daaraan raak, trek hy dit blitsvinnig terug in die buisie om

die kos te kry. Hy het seker gedink jou vinger is iets eetbaar......"



"Kyk die klein plat skulpie Chris. Kyk, dit lyk asof daar 'n klein paadjie agter hom is."

"Ja Sus, dis 'n klipmossel. Met laagwater loop hulle rond om kos te soek. Hulle eet alge - jy weet mos - daardie klein plantjies wat aan die rotse groei. Oupa het my vertel dat elke klipmossel sy eie

klein kolletjie het waar hy op die rots bly, en wanneer hy klaar rondgeloop het, kom hy elke keer terug na presies dieselfde kolletjie."

"Kyk Chris, hier is nog een, maar dit lyk asof hy nog nooit weg was van sy kolletjie af nie. Kyk net hoe groei die alge-plantjies al om hom."

"Ja, dis die tent-klipmossel. Hy kweek vir homself 'n alge-tuintjie - so sê Oupa - en dan eet hy elke dag net 'n bietjie van sy alge-groente. Hy sê dat wanneer ander

klipmossels naby sy tuin kom, dan jaag hy hulle weg!"

"Ek het nie geweet dat slakke so vinnig kan beweeg nie Chris. Kyk daardie slakkie - dit lyk amper asof hy hardloop!"

"Kyk 'n bietjie mooi Adri: sien jy, die slak het pootjies!"



"Maar ek dog dan slakke het nie pote nie!"

"Dommie! Hierdie is nie 'n slak nie - dis 'n kluisenaarskrappie. Hy het 'n leë skulpie gekry, en toe klim hy binne in. Dis net sy pootjies en ogies wat onder uitsteek, en dan hardloop hy so rond met die skulpie op sy rug."

Adri sit oopmond en staar in verwondering na die poeletjie voor haar. Dit lyk soos 'n mineatuur woud - kompleet met piepklein boompies en lowergroen plantjies en allerhande diertjies wat daarin beweeg. Dis 'n kleurewonder, en skielik besef sy net dat dit Jesus

is wat al hierdie mooi goed gemaak het. "Hy is die Skepper van alles wat ons kan sien," het Oupa gisteraand gesê toe hy uit Johannes 1 gelees het. "Elke plantjie en diertjie - van die klein ou vissie tot die reuse walvis en olifant - alles het Jesus self gemaak." - so sê Oupa. "Dankie Jesus!" sê Adri hardop.

"Hê?" vra Chris verbaas.

"Toemaar, sommer niks! Jy sal nie verstaan nie." Sy beduie na 'n helder oranje fluweelagtige kol

teen die rots: "Wat is dit daardie Chris?"

"O, dit is spons - nou nie die soort spons waarmee jy bad nie. Hierdie is eintlik 'n soort dier - 'n baie eenvoudige dier. Hulle sê hy is familie van die seespuite. Moenie my vra hoekom nie, want ek het hom nog nooit sien spuit nie! Kyk daar in dáárdie poeletjie - daar is weer 'n pers kol. Dit is presies dieselfde ding - ook 'n spons."

"Wow!" sê Adri saggies, vol verwondering.

Adri loop na 'n ander poeletjie toe. "Kom kyk Chris - hier is 'n ystervarkie!"

"Nee, hulle noem dit 'n seekastaiing. Onthou jy netnou toe ons op die strand was, toe het jy so 'n mooi 'pampoentjie' opgetel? Daardie ding wat amper soos 'n pampoentjie lyk, is die seekastaiing se dop. Hy het hierdie lang penne aan sy dop waarmee hy aan die rotse vashou."



Versigtig tel Chris die seekastaiing op. Dit sukkel nogal,

ı Inhoudsopgawe

want hy suig goed vas teen die rots, en die penne steek effens. "Kyk, sien jy die honderde klein suiertjies tussen die penne? Hulle noem dit buisvoete. Hy beweeg daarmee rond en hy suig daarmee aan die rotse vas sodat die branders hom nie wegspoel nie."

Adri voel aan die suiertjies - dis klewerig!

"Oeee, kyk hierdie mooi een!" sê sy opgewonde, en steek haar hand in die poeletjie in om die kastaiing op te tel.

"Pasop! Moenie!" skree Chris net betyds, en Adri kyk verskrik om. "Daardie is 'n giftige kastaiing!" Hy wys vir Adri die fyn, naaldagtige pennetjies op die diertjie. Die pennetjies is bitter skerp en is swart met sulke fyn wit strepies op. "Daardie is 'n naaldkastaiing. Jy moet nooit ooit aan hom raak nie. Sy skerp pennetjies steek in jou vel in, en dan brand dit verskriklik. En jy kry nie sommer die pennetjies uit nie, want hulle breek in jou vel af. En boonop is

daar gif in die pennetjies wat jou vreeslik brand."

"Maar jy het dan daardie een met jou kaal hand opgetel - hoekom het hy jou nie gesteek nie?"

"Want, my liewe sussie, dis nie dieselfde soort kastaiing nie. Die een wat ek opgetel het, het dik, stomp penne."

Adri voel afgehaal. Maar dit duur nie vir lank nie: "Oeee, kyk daardie mooi dingetjie. Hy lyk so wollerig en sag, en dit lyk amper asof hy twee groot haasore het. Hy is snaaks!"



"Hulle noem daardie wollerige ou dingetjie 'n seehasie. Jy kry hulle in al die kleure van die reënboog. Eintlik is hy maar 'n slak sonder 'n skulp - 'n naakslak. Oupa sê, hulle

is hermafrodiete - maar dit sal jy nou nie verstaan nie."

"Wat is hierdie herma-goeters Boetie?"

Chris voel hy wil sy tong afbyt oor hy dit genoem het. Hoe verduidelik jy nou aan jou sussie wat 'n hermafrodiet is? "Kyk Adri, die ding werk so: Party diere is mannetjies en party diere is wyfies."

"Ja man, ek weet, maar wat het dit nou met 'n seehasie uit te waaie?"

"Wel, 'n hermafrodiet is...... wel ..... hy is gelyktydig 'n mannetjie en 'n wyfie. Moenie my vra om verder te verduidelik nie! Gaan vra vir Oupa!" En daarmee is die saak afgehandel.

Die gety begin draai, en die brandertjies begin hoër teen die rotse opstoot. Oupa Gert het vir Chris laat belowe dat, sodra die gety draai, hulle huiswaarts sal keer.

"Kom sussie, ons moet huistoe!"

"Agge nee! Hier is nog so baie om te sien! Ek wil nie nou al terug nie!"

"Kom, die gety kom in. Voordat dit begin gevaarlik word moet ons hier wegkom, anders gaan die branders ons dalk vang. More kan ons weer kom."

Adri probeer verstaan, en die tweetjies huppel baie onwillig oor die rotse tot op die strand. Hulle kry baie vinnig die voetpaadjie op na Oupa Gert se huis, en al laggende hardloop hulle die kronkelpaadjie tussen die eeu-oue Rooimelkhout- en Waterbessiebome deur na die ruim ou plaashuis op die bult, waar

Ouma Annie hulle glimlaggend inwag met varsgebakte soetkoekies en koeldrank.

# In die Kuswoud

“Opstaan, opstaan!” roep Oupa Gert gemaak-kwaai, “Die woud wag!”

Half deur die slaap kom Chris uit die kamer gestrompel - sy oë nog half-toe. Adri kom uitgehardloop - helder wakker en baie opgewonde. Hulle twee beplan om die geheimsinnige kuswoud te gaan verken - Adri was nog nooit diep binne-in ‘n regte, egte kuswoud nie. En daar is selfs ‘n moeras!

Na 'n beker stomende koffie is Chris wakker, en begin die opgewondenheid hom ook pak. Woerts-warts draf hy deur die badkamer om tande te borsel en so hier en daar skoon te vee met 'n waslap. Vanoggend is daar nie tyd vir behoorlik skrop nie - die woud roep!

Oor die see steek die son sy bloedrooi kop agter die water uit terwyl die twee vinnig Ouma Annie se heerlike mieliepap met plaasbotter en bruinsuiker afsluk. Hulle proe skaars wat hulle eet.

“Onthou nou Chris, bly weg van die moeras af!” vermaan Oupa, “Bly maar liewer op die voetpaadjie - as jy eers afgedwaal het, kan jy maklik verdwaal in die ruigtes.”

“En pas asseblieftog op vir slange, my kind.” kry Ouma ook ‘n vermaninkie in.

“Jaaa Ouma!” teem Chris. Hy weet mos dat daar nie sommer gevaarlike slange in die woud sal wees nie. Die rêrage gevaarlike een is die Gaboen-adder, en hy kom nie sommer hier voor nie - sy gebied is verder noord.

Met ‘n rugsakkie op die rug, gepak met toebroodjies en koeldrank, val die twee in die pad. Eers af strand toe, en dan so ‘n entjie strand-af tot waar die voetpaadjie is wat Oupa in die woud in gemaak het. Oupa stap dikwels in die woud, want hy sê in hierdie stilte kan hy baie lekker met die Here gesels. Dit voel vir hom asof hy in die paradys is, daar in die woud. En die Here voel vir hom baie nader daar. Hy kan in die woud sommer hardop met Jesus gesels, want hy weet

dat daar niemand anders is wat hom kan hoor nie.

Terwyl hulle so oor die strand stap, beduie Chris na 'n bos rankplante wat op die sand groei. Hulle het dik, vlesige blare, amper soos vetplante. "Adri, hierdie is verskriklike belangrike plante." verduidelik Chris, en sy spits haar ore om alles in te neem wat hy vertel - haar boetie is baie slim! "Hierdie een se naam is die Strandplakkie."



“Ek kan sien hoekom hulle hom so noem - sy blare is amper net so dik soos plakkies se sole.”

Chris is nogal beïndruk met sy sussie se skielike insig. “Hy is een van die duine-stabiliseerders,” verduidelik Chris, “Hierdie plante hou die sand vas dat dit nie

wegwaai nie. Sien jy, daar anderkant is ook rankplante met sulke geel blommetjies - dit is Strand Madeliefies, en hulle is ook duinestabiliseerders."

'n Entjie verder roep Adri vir Chris: "Hier is nog 'n rankplant Boetie - kyk net die reuse boontjiepeule wat hy dra."

"Ja, sy naam is 'n Duineboontjie. En daar anderkant is 'n Hottentotsvy." Hy pluk een van die dik, driehoekige blare van die





Gaan Na Inhoudsopga

plant af: "As 'n bloublasie jou brand, dan smeer jy die sap van hierdie blare aan die brandplek - dit help om dit beter te laat voel."

"Oeee, kyk net die fraai pers blommetjies wat hierdie Hottentotsvye dra!" snak Adri in verwondering na haar asem."

"Aaa, hier is die paadjie!" roep Chris opgewonde uit. Waar die voetpaadjie in die woud ingaan, is daar net 'n klein opening waardeur die twee moet deurwurm. Hier is 'n hoërige sandduin waar daar Duine-alwyne, Noem-noems en ander

kleinerige struike groei. Oupa het vir Chris verduidelik dat hierdie plante met hulle geharde blare die bome van die kuswoud beskerm teen die sout seewind.

Anderkant die duin is 'n skerp helling af na die vloer van die woud. Onmiddellik maak die digte blare bokant hulle 'n dak wat al die sonlig uitsny, en Adri en Chris moet eers 'n paar sekondes staan om aan die skemer gewoond te raak. "Dis opwindend!" roep Adri uit, en sy spring sommer op en af van pure genot.

Skielik bevind hulle hulleself in 'n geheimsinnige skemer wêreld waar jy enige oomblik 'n feetjie of 'n dwergie of 'n ding kan verwag. "Hier is drakebome!" probeer Chris sy sussie bang praat met 'n bewerige stem.



"Aag is nie!" sê sy vies, maar sy kyk tóg na waar Chris beduie. Sy verwag om die aller-grieselige bome te sien met lang tande

ıoudsopgawe

en ranke wat klein meisietjies soos sy wil vang en opvreet. Maar al wat sy sien is groterige struike met lang, breë leeragtige blare wat aan 'n koddige klos bo-aan 'n lang, dun stam groei.

"Waar is hulle Chris? Ek sien dan niks!"

"Nee, dis nie eintlik regte bome nie, en hulle het ook niks met drake te doene nie."

Maar Adri se gedagtes is al klaar weer elders. Sy het die allermooiste plant ontdek. Sy blare lyk nes 'n reuse, wollerige groen

veer. Dit is 'n Asparagusvaring, en dit is half familie van die aspersies wat Mamma soms vir hulle gaarmaak.

Terwyl sy die varing bewonder, vang haar oog die allerfraaiste wit blommetjie met twee pers strepies op sy een blaar. "Dit lyk amper soos 'n dwergie se hoedjie." vertel sy vir Chris.

"Ja, daar groei van hulle in Oupa se tuin ook - Ouma noem hulle Rankvingerhoedjies. Sy sê dat 'n mens dit kan kook vir groente, en

dat party mense glo dat dit help vir asma."

Skielik wip die twee soos hulle skrik, wanneer 'n luidrugtige voël hier bokant hulle koppe 'n groot kabaal opskop: "kôk-kôk-kôk-kôk-kôôôôôk-kôôôôôk-kôôôôôk" skree hy heserig. Verskrik kyk hulle op, net betyds om 'n Bloukuifloerie te sien vlieg-hardloop van takkie na



takkie, en wanneer die verdwaalde sonstraaltjie vir ’n enkele oomblik sy vlerke tref, dan skitter dit bloedrooi in ‘n reënboog van metaalkleure. Hy draai sy pers-blou kuif parmantig as hy hulle uit die hoogte aankyk. Die kleure in sy vere word veroorsaak deur die groot hoeveelheid koper in die kleurstof, Turacin wat sy vere in die pragtigste kleure versier.

“Oee, maar dis mooi.....“ sug Adri. Chris staar oopmond in verwondering na die pragtige voël, wat amper dieselfde lyk as die ou

grys kwêvoel wat hulle dikwels in Pretoria sien. Die groot verskil is dat hierdie voël al die kleure van die reënboog op sy mooi lyf het.







Nou sien Chris ook vir die eerste keer die boom raak waaronder hulle staan - 'n Waterbessie. Maar hierdie een moet honderde jare oud wees, want sy dik, skurwe stam is oortrek van groen mos en Oumansbaard wat in deurmekaar slierte aan hom hang. Chris gril -



Gaan Na Inhoudsopgawe

dit herinner hom aan 'n gruwelfliek wat hy eenmaal gesien het - verskriklik spookagtig!

"Kom ons loop!" por hy vir Adri aan, wat intussen alweer vasgehaak het by die allerfraaiste bloedrooi blommetjies.

"Wat is hierdie plant se naam?" wil sy weet.

"Hoe moet ek weet?" Sy sussie dink mos dat hy 'n wandelende ensiklopedie moet wees. "Kyk!" beduie hy na nog een van hierdie plante wat oortrek is van die rooi blommetjies, net 'n entjie weg -

daar fladder 'n suikerbekkie rond en suig die nektar uit die rooi blommetjies. Wat die twee natuurlik nie weet nie, is dat hierdie plant se baie gepaste naam 'n Rooisuikerbekkiebos is.

"Kom nou Sussie!" sleep hy haar daar weg - as hulle nie nou begin loop nie, sal hulle nog vannag hier in die woud moet slaap! Dit kan net grillerig wees! Hy het net die vorige nag die geluide gehoor wat uit hierdie woud kom, en dit is klaar genoeg om jou die horries te gee. Hy het wakker geskrik van die allerverskriklikste geskree - amper soos 'n babatjie wat verskriklik huil en kerm.



dsopgawe

Die volgende oggend het Oupa hom gerus gestel dat niemand daar vermoor is nie - dit was maar net 'n Bosnagaap. Toe hy in die soogdierboek gaan naslaan, sien hy dat hierdie eintlik 'n pragtige dier is, amper so groot soos 'n blouapie. Maar hy het 'n dik, wollerige stert, en op sy ronde gesig het hy twee reuse oë - om goed in die nag te kan sien. Hy lyk amper soos die klein nagapie wat hulle in die Laeveld gesien het, maar hy is net baie groter. "Wow, ek sou graag 'n

Bosnagaap te siene wil kry!" wens hy hardop.

"Wat nou?" wil Adri weet, maar Chris beduie verleë dat hy net hardop gedink het.



Skielik gee Adri 'n gesmoorde gilletjie: "Wat was dit?"

Sy gryp Chris aan die arm. Chris het ook die beweging uit die hoek van sy oog gesien, maar toe raak die dier weg. Dit was donker van

kleur en hééltemal te klein om 'n luiperd te kon wees. Maar toe verdwyn dit tussen die digte bossies. Voetjie-vir-voetjie sluip hulle nader om uit te vind wat daar wegkruip. Adri bewe eintlik van opgewondenheid - die eerste regte dier wat hulle in die woud teëkom.

En dan beweeg hy agter die bossies uit. "Aaaaah" koer Adri, want die skatlikste ou bokkie lig sy kop en kyk met groot oë na die twee indringers. "Hy is nog 'n babatjie." koer sy verder.

"Nee, daardie is 'n volgroeide bokkie," verduidelik Chris, "dis 'n Blouduikertjie - die kleinste bokkie in Suid Afrika." Oopmond staan die twee die piepklein bokkie en dophou, te bang dat as hulle beweeg, hy sal weghardloop. Hy is skaars groter as 'n haas! Uiteindelik besluit die Duikertjie dat dit hier oorbevolk raak met so baie diere, en dan draf hy weg en verdwyn tussen die digte lower.

Die woud ruik klam - amper muf - 'n heerlike reuk wat 'n mens laat dink aan die fantasieverhale

waarvan jy net in boeke lees. 'n Reuse ou boomstomp lê oor die voetpaadjie. Hy is oortrek met groen mos wat al vir baie jare op hom groei. En aan sy bas groei die kleurvolste rakswamme wat amper soos groot plat skulpe lyk - bruin en wit en helder oranje. En daar groei selfs 'n ry allerfraaiste, delikate paddastoeltjies, nes 'n ry soldaatjies met breërandhoedjies op. "Hier is verséker feëtjies!" sug Adri.

"Aag moenie laf wees nie - hulle bestaan net in jou drome!"

Maar dan gaan daar 'n koue rilling langs Chris se ruggraat af - hy voel asof iemand hom dophou. Iets val daar van bo af reg langs Chris. Hy kyk op in die digte blaredak - en waarlik, daar sien hy die beweging! Die blare vou oop, en dan loer 'n klein grys gesiggie nuuskierig vir hom agter die blare uit. "Jou rakker!" skel Chris op die Blouapie, "Kyk nou net hoe laat jy my amper skrik!" Die apie koggel vir Chris met 'n blaffende "chau-chau-chau". Skielik lewe die hele boom as sy boeties en sussies hulle

akrobatiese toertjies tussen die takke uithaal om weg te kom van hierdie indringers.

Die voetpaadjie begin nou steil teen 'n helling op kronkel. Kort-kort moet hulle oor boomwortels wat op die grond rank klouter.



Dit is baie bedompig en warm, maar gelukkig is die twee lekker jonk en vol lewe, en elke uitdaging is 'n avontuur. "Pasop!" waarsku Chris sy sussie as hulle onder die rank van 'n St Lucia rankplant moet deurkruip. Die lang rank is oortrek met die allerverskriklikste dorings. Versigtig vermy sy die gevaarlike rank wat daar héél bo tussen die kroonblare van die boom verdwyn. "As Jan se boontjierank darem so moes lyk, dan het die arme kêrel nooit óóit by die reus uitgekom nie!" dink hy.

“Kom ons rus eers!” hyg Adri, en sy plak haarself sommer dadelik op ‘n groot boomstomp neer.

“Willie,” sing ‘n voëltjie iewers tussen die lower, “Willie, gee vir my ‘n soentjie, toeeeee.”

“Dis ‘n Willie” lig Chris sy sussie in as hy langs haar kom sit. “Hulle hou van digte bosse.” Behaaglik vat hy ‘n slukkie van die vrugtesap wat Ouma vir hulle ingepak het.

‘n Swerm bruin voëls met grys pensies kom luidrugtig al krappende in die blare aangeklets. “Dis Boskrappers.” beduie Chris,

terwyl die raserige spul voëls skrop dat jy net sien blare en takkies waai.

“Waarom raak dit nou so verskriklik steil, Boetie?” wil Adri weet.

Gelukkig weet Chris, want Oupa Gert het eendag vir hom baie mooi verduidelik. Adri, onthou jy toe ons begin stap het van die strand af - net voordat ons in die woud ingekom het? Toe het ons mos oor so ‘n hoogtetjie geklim, en toe sak ons skielik af na die woud se vloer. Dit was ‘n sandduin wat ons

oorgeklim het. Oupa sê, dat waar daar 'n ongerepte kuswoud is, daar kry jy gewoonlik so 'n sandduin - die strandplante keer dat hy nie verder in die woud inkruip nie."

Adri knik haar kop, maar sy verstaan nog nie van hierdie sanderige berg waar hulle nou is nie.

Maar Chris sien dat daar so 'n dooie-vis uitdrukking in haar oë is, dus gaan hy voort: "Lank, lank voordat hierdie kuswoud hier was om die duin te keer, het die wind elke jaar die sand hoër en hoër

gewaai, totdat daar naderhand 'n hoë berg van sand was. Hierdie was altyd die sandduin wat 'n mens moes oorklim as jy van die strand af loop."

Adri verstaan nog steeds nie baie mooi nie. "Nou waar kom daardie lae duin vandaan wat ons eerste moes oorklim?"

"Oupa sê dat daar eendag strandplante aan die voet van die duin begin groei het. Die plante het al meer en meer van die strand ingeneem, en later het daar weer 'n duin begin. Dit het die laagtetjie

agter die duin beskerm sodat daar plante kon begin groei. En uiteindelik baie, baie jare later het hierdie plante 'n woud geword. Die woud het weer gekeer dat die seewind die plante teen hierdie groot duin doodwaai, en toe het al hierdie bosse hier begin groei."

"Sjoe!" Adri kyk in ongeloof na die reuse bome wat hierdie hele duin bedek. "Dit lyk nie eers meer soos 'n sandduin nie!"

Duisende jare se blare en wortels het hierdie duin se los seesand

gevorm sodat dit vandag harde rooi grond-sand is.

En dan is dit weer tyd om aan te stap. Chris wil tot héél bo, maar dit raak moeiliker en moeiliker hoe verder hulle gaan. Dis warm en die paadjie raak baie steil.



Orals groei daar nou Kruisbessies en Noem-noems, Witmelkhout en Moepels, Doringolms en Kanniedood - al hierdie bome

nhoudsopgawe

kompeteer om 'n vastrapplekkie teen die hang van hierdie tweede duin te kry. Reuse strelitzias (party mense noem hulle wildepiesangs) met hulle reuse waaier-blare gooi hulle "hande" hemelwaarts. Hulle dra groot pers en wit blomme, amper soos die strelitzias in Mamma se tuin, net baie groter en baie deurmekaarder.

Dit raak baie ruig, en Chris en Adri moet letterlik hulle pad oopveg deur brandnetels en allerhande ondeurdringbare bossies. Een van

die brandnetels raps vir Chris teen die arm, en hy dans rond van die pyn. Dis verskriklik seer waar daardie bossie se blare teen sy vel geraak het. Eers dink hy dat 'n perdeby hom dalk gesteek het, maar die gevaarlike insek is nêrens te sien nie. Wat Chris nie weet nie, is dat daar duisende piepklein "spuitnaaldjies" op die brandnetel se blare is. Wanneer die blare aan jou raak, spuit hierdie naaldjies gif in jou vel in wat verskriklik brand.

“Pasop vir daardie plant!” waarsku hy sy sussie tussen die trane deur. Hy moet hard sluk om nie vir haar te wys hoe seer hy het nie.

Na ‘n rukkie verdwyn die seer darem weer, maar nou loop Chris baie katvoet om daardie gevaarlike plant te vermy.

Uiteindelik is hulle héél bo. Sommer plotseling hou die digte bosse op, en staan hulle in die helder sonskyn. Adri draai om, en dan gee sy ‘n gil van pure uitgelatenheid. “Kyk Chris! Kyk net hoe mooi!”

 **Gaan Na Inhoudsopgawe**



79 **Gaan Na Inhoudsopgawe**

# Verdwaal?

“Kom, kom Sussie, ons moet aanstap” por Chris vir Adri aan, wat nou gladnie meer lus het om verder te stap nie. Chris is nuuskierig om te sien wat hier op die kruin van die duin aangaan. Hy besluit om ‘n ent al op die kruin langs te stap. Alhoewel dit nou nie juis ‘n digte kuswoud is nie, is hier baie bome. Die Rooiessenhout met sy digte donkergroen blare, soos die een waaronder hulle sit en rus het, is volop. Maar dan is daar ook die snaakse Papierbas Doringbome

met hulle eienaardige bas wat nes velle geskeurde papier lyk.

“Kyk, daar is ‘n lemoenboom!” skree Adri. Chris weet natuurlik dat hier beslis nie lemoenbome sou groei nie. Hy gaan bekyk die eienaardige boom met sy goudgeel “lemoene” van nader. Hy pluk een van die vrugte. Dit is nie sag soos ‘n lemoen nie - hierdie vrug is kliphard! Maar hy ruik heerlik.

“Wat is dit Chris?” wil Adri nuuskierig weet.

Dan onthou Chris skielik wat Oupa vertel het: “‘n Botterklapper!”

Onder die boompie lê 'n hele paar van die vrugte se leë doppe. Hy kan duidelik sien dat iets hulle opgevreet het - die tandmerke is duidelik in die harde dop ingegraveer. Oupa Gert het gesê dat 'n mens hulle kan eet - nogal lekker.

Hy klap die goudgeel vrug teen die boom se stam. Dit kraak, en hy breek dit oop. Die hele dop is gevul met 'n slymerige massa van pitte en sapperigheid. Hy proe. Dan verhelder sy gesig - dis heerlik! En dit ruik so lekker. Dit proe aardig

om die slymerige vrug te eet, maar die smaak vul jou hele mond. Dan val Adri ook in en hulle suig al die sap van die klipharde pitte af.

Chris herken 'n boom wat hy ook in Oupa Gert se tuin gesien het. Die tros pers bessies gee dadelik die boom se identiteit weg. "'n Voëlsitboom!" sê hy hardop.

"Hê?" vra Adri.

"Daardie boom - sy naam is 'n Voëlsitboom." verduidelik hy. Oupa sê hy dink die oumense het hom daardie naam gegee omdat die voëls so lief is vir sy bessies.

“Wanneer hulle ryp is,” sê Oupa, “dan sit daar sommer baie voëls in die boom.” Party mense noem dit ‘n “Tosselbessie”, maar eintlik is dit verkeerd, want dit is ‘n direkte vertaling van sy Engelse naam: “Tassel Berry”

“Dis baie snaaks!” kraai Adri dit uit van die lag, “Voëlsitboom! Baie snaaks!”

Maar dit het tyd geword dat hulle moet terugdraai huistoe. Die enigste probleem is dat Chris nou gladnie kan onthou waar die plek is waar hulle op die kruin gekom het

nie. Die Platkroonbome lyk almal eenders! Maar hy durf nie vir sy sussie laat blyk dat hulle verdwaal is nie.

Hy besluit dat alle paaie tóg na Rome toe lei, dus kies hy sommer 'n pad hier tussen die bosse in. Iewers gaan hulle mos maar weer op die strand uitkom. Maar Chris het hom baie deeglik misgis, want nou is die bossies en struike en bome baie dig, en hulle moet sukkel om deur te kom. Adri kerm, want die takke krap haar. "Dis 'n kortpad Sussie!" probeer hy haar

 Gaan Na Inhoudsopgawe

gerus stel.

Hulle loop hulle vas teen 'n Doringolm. Hierdie groot boom het woeste takke wat onder teen sy basis uitgroei wat oortrek is met wrede dorings. Dit kos dat hulle moet omdraai en eers weer 'n ander ompad loop rondom die digte boskasie. Adri is in trane, en Chris moet troos.

Maar dan tref 'n ou gelukkie hulle, en die afdraend raak meer gangbaar. Nou huppel hulle sing-sing die steil afdraende af. Algaande begin hulle weer die

pragtige donker, misterieuse kuswoud binnegaan, en ruik hulle weer die heerlike klam geur van die mos en ander kuswoud struike. Dit raak minder steil.



Skielik stop Chris. Hy wys vir Adri om doodstil te bly. 'n Eienaardige spookagtige "hoe-hoe-hoe" geluid weerklink vir 'n oomblik. Hulle staan doodstil om te hoor of die eienaar van daardie geluid weer

n Na Inhoudsopgawe

iets gaan sê.

'n Sagte, wasige, effens-heserige "hoe-hoe-hoe" kom daar iewers van bo af deur die digte blare aangesweef. Hulle rek hulle oë om te kan sien wat dit is, maar daar is niks. Vir 'n enkele oomblik draai die Bosloerie na hulle toe, en dan snak albei kinders na hulle asem. So mooi het hulle nog nooit gesien nie: 'n bloedrooi bors gee die skaam voël dadelik weg, maar dan draai hy weer sy grasgroen rug op hulle en verdwyn tussen die blare, en dit terwyl hy oop en bloot daar sit! Al

wat oorbly is die hees “hoe-hoe-hoe” wat deur die woud sweef.

‘n Rilling gaan agter Chris se ruggraat af. Nee, dis nie die geluid van die Bosloerie wat hom die horries gee nie - hy word bewus van ‘n paar geheimsinnige oë wat hulle vanuit die ruigtes dophou. Dis skemer in die woud, en dit is baie ruig, en Chris moet sy oë op skrefies trek om te kan sien wat sy aandag getrek het. Stadig neem dit vorm aan - ‘n paar vlymskerp gaffelhorings wat parmantig bo die onverskrokke gesig van ‘n bok

vir hom waarsku. Chris skrik, want dan herken hy die Bosbok. Skielik is hy skoon lam in die knieë, want Oupa het hom gewaarsku dat hierdie een van die gevaarlikste diere in die bos is. Hy beduie vir Adri om doodstil te staan.

Gelukkig besluit die Bosbok dat hy nie van hulle geselskap hou nie, en soos 'n spook verdwyn hy in die ruigtes. Chris se hart klop in sy keel.

Hulle het natuurlik nou nie meer 'n voetpaadjie om te volg nie, en Chris moet maar staatmaak op sy

instinkte om rigting te hou strand toe. Hulle loop nie maklik nie, want die grond is hier plek-plek baie nat, en kort-kort gly een van hulle en maak hard met die aarde kennis.

"Wat het hier so woes gegrawe Chris?" wil Adri weet. Sy beduie na daar iewers links van hulle. Dit lyk amper asof iemand hier geploeg het, soos die grond omgedolwe is. Chris is nuuskierig en hy gaan bekyk die grondwerke. Dan sien hy dit: dierespore oral in die kleierige grond. "Dit lyk nes die spore van

die vlakvarke wat ons in die Laeveld gesien het!" merk Chris op. En hy wonder of hier dan vlakvarke kan wees in hierdie donker woud? Is dit moontlik?

Skielik gaan daar vir hom 'n liggie op: "Bosvarke!"

Gevaarlike nagdiere hierdie, met 'n harige rooibruin jas en welige wit maanhare. Hulle is omnivore - dit beteken dat hulle byna enige ding vreet - of dit nou plante is of vleis. Hulle gunsteling kos is eintlik bolle en varings, wat hulle met hulle sterk snoete uitgrawe, nes

Vlakvarke ook maak. Maar hulle sal feitlik enigiets eet, lewendig of dood of selfs iets wat al baie vrot is! En hulle kan verwoesting saai in landerye van die arme suikerboere!

Chris kan nie verstaan waarom die grond so nat begin raak nie. Daar hang 'n swaar reuk in die lug - half muwwerig - amper vrot. “Nee, dit ruik eerder na modder!” besluit Chris. En dan skielik raak hy yskoud: “Die moeras!” sê hy hardop vir homself. Oupa het gewaarsku dat hulle van die moeras af moet wegbly, en nou is dit presies waar

hulle is. Nou eers merk Chris op dat daar voor hulle oral poeletjies water staan. Die bome hier is ook hééltemal anders as in die res van die woud. Hier groei oral vyebome met groot blare - Moerasvye. Die Zoeloes noem hierdie boom iMvubu - dit beteken Seekoei, want hierdie bome groei in die moerasse waar die seekoeie bly.

Een van die baie hoë bome wat hier groei het trossies pers-wit blommetjies en trossies ronde groen vruggies. Wat Chris natuurlik nie weet nie, is dat

hierdie Kinnabome is.

“Kyk Chris, kyk net daardie snaakse vrug!” Soos twee donkergroen tennisballe wat styf teenmekaar gedruk is, hang die vrug aan ‘n dun stingel in een van die bome. “Hy lyk amper nes ‘n brulpadda wat homself opgeblaas het!” lag Adri. Dit is seker die snaaksste vrug wat sy al ooit gesien het. Die boom het ‘n baie gepaste naam: ‘n Paddaboom. ‘n Ander naam vir hom is die Wilde Frangipanie, omdat sy blomme amper net soos die pragtige

Frangipanie Boom lyk wat in baie tuine groei.

Een reuse ou boom aan die rand van die moeras gryp Chris se verbeelding aan. Die stam is baie dik en krom en skurf. "Hierdie ou boom moes seker al hier gestaan het nog voordat Oupa Jan van Riebeeck in die Kaap aangekom het." dink hy hardop. Hy kyk op in die boom se krom takke. Daar hang swart bessies tussen die ronde blaartjies van die ou boom. 'n Waterbessie - een van ons beskermde bome. Niemand mag

hulle beskadig of afkap nie, want hulle is baie kosbaar en skaars.

Adri gee 'n gil, en die arme Chris spring amper in 'n vyeboom in van skrik. "'n Krap!" gril sy. Chris is sommer vies vir haar simpelgeit - wie skrik nou vir 'n ou krappie! Eers dán sien hy die baie ronde gaatjies oral in die modder tussen die boomwortels waar die krappe bly. En oral is daar fyn spoortjies soos wat die krappe rondloop op soek na kos.

Aan 'n blaar hang daar die allerfraaiste grasgroen klein

paddatjie. Adri vergeet sommer van die krap, en sy kom bekyk die paddatjie van naby. Skielik spring hy en land kaplaks teen haar arm. Hy suig daar vas met sy yskoue klein suier-pootjies. “Kom kyk gou Chris!” roep sy haar boetie, en wys hom haar maatjie. “Is hy nie te skatlik nie!” Dit is ‘n Natalse Boompaddatjie. Baie gou besef die klein rakker dat dit dalk ‘n fout was, en met een reuse sprong land hy teen ‘n boomstam, waar hy weer soos ‘n stuk kougom vasplak.

“Kom, ons moet loop want dit raak

laat." kondig Chris aan. Nou moet hulle 'n wye draai loop om verby die moeras te kom, want om daar deur te probeer loop sal net groot moeilikheid beteken.

Chris draai om en dan staar hy vir 'n oomblik na die digte, amper ondeurdringbare muur van struike en bossies wat hulle pad versper. "Asseblief Here," bid hy, "help my asseblief om uit hierdie gemors te kom, en beskerm asseblief ook vir my en my sussie Adri sodat ons nie iets ernstig oorkom nie."

Wanneer Chris sy oë oopmaak, dan

pak hy met méning die wilde boskasie aan, met Adri kort op sy hakke. Maklik is dit beslis nie, maar na slegs 'n kort entjie, hoor hy geleidelik 'n vae dreuning. Dan besef hy: dis die see wat so dreun! Hulle moet nou naby die strand wees! Voor hulle doem 'n steil sandduin op van spierwit sand. Met 'n bonsende hart klouter hy teen die los sand van die duin op. Vir elke tree wat hy klim, gly hy weer twee treë terug - so voel dit vir hom. Maar Chris byt op sy tande en hy sit ál sy krag in.

En dan is hy bo!

Wat hy voor hom sien, laat hom skree van blydskap - die see! Oopgestrek voor hom lê die wye goue strand. "Kom Adri, nog net 'n paar treë!" por hy haar aan.

Dankbaar gaan sit die tweetjies uitgeput op die strand. Wat 'n avontuur was dit nie! Maar nou gaan hulle baie bly wees om weer by die huis te kan wees.

# Die Rots

Droomverlore sit Adri met haar rug teen 'n groot klip wat hoog bokant die strand uitpryk. Oupa Gert en Chris staan 'n entjie daarvandaan en hengel, en sy is doodverveeld - daar is niks te doene vir 'n jong meisie hier langs die viswater nie.

'n Entjie onderkant haar troon daar 'n groot rots in die see. Die golwe kom aangerol daar van diep uit die see uit. Wanneer hulle naby hierdie rots kom, gaan staan hulle op hulle agterpote, en dan bestorm

hulle die rots met volle geweld. Adri kyk met groot ontsag hoe hierdie rots daar onverskrokke regop bly staan sonder om te beweeg of om eers te koes vir die branders wat met skuimende bekke, al donderend hulleself te pletter hardloop teen die rots.

Skuimende water spat hoog in die lug in, en vir Adri lyk dit asof al die skulpies en seediertjies en seeplante wat op die rots groei, papgeslaan word deur die verskriklike geweld van die branders. "Hoe kan enigiets nog

daar bly lewe?" wonder sy.

Maar dan vang 'n beweging aan die rugkant van die rots haar oog. Iets loop sowaar nog op daardie rots rond asof absoluut niks gebeur het nie. "Dis skoon simpel!" dink sy. Maar dan gaan daar 'n liggie vir Adri op - "Aag maar natúúrlik!" lag sy, "Waarom het ek nie daaraan gedink nie!" Adri voel sommer lus om haarself te skop oor sy so dom kan wees - hier aan die agterkant van die rots spat dit miskien nat, maar die rots beskerm alles aan sy agterkant, want daar kan die groot

branders nie slaan nie.

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

Sing-sing soek die Rotskrap vir kos tussen die alge op die reuse rots. Sing-sing? Aag moenie laf wees nie - krappe kan mos sing man - hulle sing in Krapnees! Graps is die kêrel



se naam - eintlik Grapsus Grapsus Tenuicrustatus, maar wie kan dan nou so 'n verskriklike naam onthou. Hy weet ook nie waarom die wetenskaplikes hom so 'n ingewikkelde naam gegee
~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

het, wat hy sélf nie eers kan onthou nie. Maar al sy maters noem hom maar Graps vir kort. Hy het ook al gehoor dat mense hom Sally Lightfoot noem, maar daardie naam wil hy liewer vergeet - dit klink dan so.... so.... sissie-agtig!

Graps is baie trots op die feit dat hy 'n Natalse Rotskrap is - hy skree selfs vir die Sharks rugbyspan! Kyk, vir haaie het hy 'n groot respek, maar hier agter teen sy rots is hy gladnie bang vir hulle nie, want hier kan g'n haai hom

bykom nie.

Graps is 'n baie vlugvoetige kêrel - sy agt pootjies het elkeen 'n sterk, skerp klou aan die punt wat hom in staat stel om teen feitlik enige rotswand te kan vasklou. Maar dit bly nie alleen by vasklou nie - hy kan selfs hardloop teen 'n loodregte rots.

Hier op sy rots is natuurlik sommer baie vastrapplek, met al die plante en mossels en seespuite en goeters wat so welig hier groei. En die suurstof-ryke water maak dat almal hier baie gesond is, en

dat hier oorgenoeg kos vir hom is. In kort - Graps bly baie lekker hier op sy rots. Wat sal ooit maak dat hy hier sou wou wegtrek?

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

Op haar klip sit Adri die manewales van die Rotskrap en dophou. Sy wonder waarom hy nie daar aftuimel nie? Woerts-warts hardloop hy teen 'n duiselingwekkende spoed oor die oppervlak van die regop rots. "Oeeee, ek wens so dat ek dit kon doen....." sug sy. Elke keer as 'n groot brander teen die rots
~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

aangestorm kom, knyp sy haar ogies styf toe, want sy sien al hoe die brander die brose krappie daar flenters slaan, maar dit lyk asof dit hom gladnie pla nie. Wanneer die water verby is, huppel hy steeds voort asof dit 'n alledaagse ding is.

"Ek wonder darem hoe hy dit regkry?" sug sy.

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

Graps bly al sy hele lewe lank dolgelukkig op hierdie rots. Maar diep in sy binneste is daar 'n onrustigheid. "Ek wonder hoe dit
~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

aan die anderkant van die rots lyk?" wonder hy. Sy pa, Ougraps, het hom gewaarsku dat dit gevaarlik is om die veiligheid van die rots se beskerming te verlaat. Maar iets in sy lyf sê vir hom dat daar groot avonture kan wag aan die anderkant.

En dan besluit Graps: "Vandag is die dag! Ek wil gaan kyk hoe lyk dit aan die anderkant van die rots." Graps se hart klop sommer vinniger by die blote gedagte van die groot avontuur wat op hom wag. Hy haal diep asem, en dan

kruip hy versigtig om die ronding van die rots. 'n Brander slaan teen die rots, en hy voel die yskoue water deur sy gesig spat. Hy trek eintlik sy twee steeltjie-oë diep in hulle oogkaste in. "Heerlik, verfrissend!" skree hy opgewonde, en hy gee nog 'n paar treëtjies om die rots.

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

Adri skrik haar asvaal as sy sien hoedat die krap om die rots begin beweeg. "Moenie! Moenie! Die branders gaan jou flenters slaan! Pasop!" Haar hart klop in haar keel,
~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

want sy kan sien hoe verskriklik die branders die agterkant van die rots bombardeer. Niks kan daar bly lewe teen die vreeslike aanslag nie. Daardie krap gaan papgeslaan word.

Uit pure frustrasie spring sy regop en probeer vir die krap skree, maar haar stemmetjie raak verlore in die donderende geraas van die branders. Sy voel siek, want sy weet dat die krap dit nooit sal oorleef in daardie ongenaakbare wêreld nie. Die volgende oomblik sien sy die krap

verdwyn agter die rots terwyl daar 'n reuse brander aangestorm kom. Sy kreun en druk haar oë styf toe.

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

Graps betree 'n nuwe wêreld wanneer hy om die rots beweeg. Alles lyk hier so verskriklik anders. Hier is nie alge en seegrasse en mossels soos aan die agterkant - daar waar hy nog sy hele lewe lank bly nie. Skielik spring Graps se twee stokkies-oë uit hulle oogkaste uit, en staan hulle kiertsregop van die skrik. Te
~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

laat sien hy die verskriklike brander wat op hom afgestorm kom. Hy soek-soek wanhopig na 'n vasklouplekkie. Dit is nou te laat om terug te hardloop na die veiligheid van rots se beskerming. Oomblikke voordat die brander hom tref, kry hy 'n skeurtjie in die rots om aan vas te klou, en dan trek hy sy ogies diep in sy oogkaste in.

En dan tref die brander hom vol in die gesig. Yskoue water ruk en pluk aan sy lyf. Dis opwindend! "Jieee-haaaaa!" skreeu hy van pure

uitgelatenheid. Die nuwe avontuur laat die adrenalien deur sy are pomp. “Wow! Ek hou hiervan!”

Wanneer die brander terugtrek, kry Graps kans om die nuwe omgewing behoorlik deur te kyk. Hier is géén beskerming teen die geweld van die branders nie. Maar voor hom sien hy die oop see wat strek so ver as sy twee stokkies-oë kan sien. “Ek wonder darem hoe dit lyk daar in die diep water?” Graps is moeg van die gewone ou sissie-dinge daar in sy vervelige poeletjie agter die rots. Al wat jy

daar kry is pienk anemone en verestoffer-waaiertjies en daardie simpele ou kluisenaarkrappies wat in skulpe wegkruip. “Ek soek iets opwindend - iets rêrag gevaarlik, soos 'n haai!”

Graps is so weggevoer in sy dagdrome, dat hy hééltemal te laat die volgende groot brander sien. Wanneer dit hom tref, slaan die brander hom skoon van die rots af, sodat hy in die skuimende water val, en omdat hy nooit geleer swem het nie, sink hy soos 'n klip na die bodem. Die water

maal en kook en rol hom rond. Die arme Graps weet naderhand nie eers meer waar is onder en waar is bo nie. En oral is daar sand - hy kan gladnie sien waar hy is nie. Dan voel Graps hoe die stroom hom insuig in die see in, wanneer die brander terug trek. Hy spoeg-spoeg om die sandkorrels uit sy mond te kry. “Siesa!” kerm hy vies.

Skielik voel Graps hoe hy oor iets hard meegesleur word. Met sy skerp pootjies gryp hy na die harde ding, en dan klou hy vir al wat hy werd is. Uiteindelik bedaar

die stroom, en dan sien hy dat hy op 'n rif is onder die water. Hy sien 'n gat in die klip waar hy kan skuil teen die branders, en dankbaar hardloop hy daarheen.

Net betyds bereik Graps die gat voordat die volgende brander verby stoomroller. Graps kyk om hom rond - hier is dit so anders as daar in die veilige poeletjie. Hy sien 'n paar vissies en kreweltjies en allerhande snaakse diere wat hy nog nooit voorheen gesien het nie. Hy skrik hom asvaal as hy die wrede kop van 'n seepaling uit een


Gaan Na Inhoudsopgawe

van die gate sien loer. Die paling grynslag vir Graps, en dan gaan daar koue rillings deur die arme krap se lyf as hy die aaklige tande sien wat soos naalde in die dierasie se bek pryk. Hy beter uit daardie ding se pad bly, want hy wat Graps is sal maalvleis wees as die paling met hom klaar is.

Graps verkyk hom aan die kleurvolle vissies, geel en oranje en blou en rooi. Party het strepies en ander kolle, en die een wil vroliker probeer wees as die ander.

Skielik wil dit vir Graps lyk asof die een stekelrige klip beweeg. “Nee, dit is seker maar my verbeelding....” troos hy homself. Maar dan sien hy dat die klip rêrag beweeg. En die klip het twee oë. Graps gril, want eers dan maak hy die vorm uit van die aakligste gedrog wat hy nog ooit in sy lewe gesien het. Een van die kleurvolle vissies swem langs Graps verby, en dan lag hy as hy die afsku op Graps se gesig sien. “Dis maar net ou Klipgevreet”, verduidelik hy vir Graps, “hy is 'n klipvis - bly maar

baie ver van hom af weg, want al is hy so stadig, is hy 'n bitter gevaarlike kalant!" Die vissie maak groot oë, en dan fluister hy in Graps se oor: "Hy is soos 'n stofsuier - suig jou in, en niemand sien jou ooit weer nie! En sien jy daardie pen op sy rug, tussen al die waaiers en goeters? Daardie pen is propvol dodelike gif. As iemand op hom trap, dan sterf hy 'n aaklige, pynlike dood....."

"Dankie!" sug Graps. Dit het tyd geword dat hy die opwindende nuwe wêreld 'n bietjie gaan verken.

Versigtig kruip Graps tussen die klippe en gate rond. Hy verwonder hom aan korale wat hier en daar op die rotse groei. 'n Klein beweginkie trek sy aandag. Dit lyk na 'n wurmpie. Nuuskierig sluip Graps nader om die gedoentetjie van nader te gaan verken. Die wurmpie het sulke snaakse ronde suiertjies oral op sy lyf. En dan rek Graps se ogies so groot soos pierings, want hierdie "wurmpie" is maar net die puntjie van iets baie, baie groter. En terwyl hy nog so staar na hierdie "ding", verander die

wurmpie en alles wat aan sy anderkant sit van kleur. Wat eers dieselfde kleur as die klip was, word nou eers bruin en dan amper wit en dan weer pikswart. “Hoe is dit moontlik?” wil Graps nog wonder, maar dan sien hy die twee reuse kat-oë wat hom met 'n groot honger in hulle aanstaar.

Graps skrik hom skoon uit sy sokkies uit. Soos blits skiet die wrede seekat vorentoe om Graps te gryp. Vir hom is 'n krap 'n onweerstaanbare happie. Graps sien die wriemelende arms met rye

en rye dodelike suiers daaraan, gryp na hom. Hy begin hardloop so vinnig as wat hy kan. Hy voel al die suiers so raak-raak aan sy dop, en dan hardloop hy nog vinniger. Graps se hart klop so “Doef-doef” in sy borskas, en sy beentjies voel lam, maar hy hardloop, met die honger seekat wat in sy nekhare blaas.

Skielik sien Graps die skaduwee van ‘n groot vis bokant hom. En dan verdwyn die seekat in ‘n pikswart wolk van ink.

Eers baie later, toe Graps weer

tot verhaal kom, besef hy dat daardie vis hom gered het. Die seekat het geskrik vir die vis, want hy het gedink dat die vis hom sou vang en opvreet. En toe blaas hy 'n wolk van swart ink rondom hom sodat die vis hom nie kan sien nie. En toe verdwyn hy natuurlik in 'n gat in om weg te kruip. Dis beter om honger te wees as om sélf opgevreet te word!

Graps begin nou stadigaan agterkom dat die wêreld hier buite die beskerming van sy rots, nie so romanties is as wat hy gedink het

nie. Dis 'n gevaarlike plek hierdie! Hoe wens hy nie dat hy weer in sy eie ou poeletjie was nie. Maar hy het gladnie eers 'n idee hoe om weer daar te kom nie.

Graps neem 'n besluit: "Ek gaan terug na my rots!" En dan kies hy sommer koers na waar hy dink die rots mag wees, en hy begin stap. "Bly by ons!" soebat die veelkleurige vissies, toe hulle sien dat hy vertrek. Maar Graps druk sy ore toe, en hy stap. Hy sien die gulsige gesig en tande van 'n vis wat op hom afduik om van hom 'n

maaltyd te maak, en die arme Graps moet net hardloop om betyds onder beskerming te kom, weg van die gedierte se klappende tande af.

Nou raak dit bitter ongemaklik, want die branders bly oor hom rol, en daar is sand in sy oë en in sy neus en in sy mond. "Ptoe! Ptoe!" spoeg hy. En dan sien hy dit: 'n houtstomp wat bokant sy kop verby spoel. Graps kan sy geluk nie glo nie! Hy span sy laaste kragte in en spring. Maar die stomp spoel stadig verby, weg vir ewig. Graps

wil huil. Nog een laaste keer spring hy wanhopig.

En dan haak sy een klou aan die héél agterste puntjie van die stomp vas. Versigtig trek hy homself op en op en op, totdat hy uitasem aan die stomp vasklou. Lam van al die inspanning klouter hy tot bo-op die stomp. "Oeeee maar dit is lekker om weer in die buitelug te wees uit die malende massa van die oseaan!" prewel hy, terwyl hy sy kragte herwin op die stomp.

In die verte herken Graps sy rots, daar op die strand. Maar hoe gaan

hy ooit daar kom? Hierdie stomp gaan mos nooit tot daar dryf nie? Maar dan merk Graps tóg dat die stomp in die rigting van die sandstrand dryf, 'n hele ent weg van die rots af. "Maar ek is 'n Rotskrap!" kerm Graps, "Ek kan mos nie op 'n sandstrand oorleef nie! Wat gaan ek doen?"

Graps skrik hom asvaal as hy 'n skril geskreeu bokant hom in die lug hoor. Hy herken sommer dadelik die seemeeu se stem - hy moes al voorheen vir hierdie vlieëende gedrog wegkruip: "Kos! Ek

sien kos op die stomp!" En dan, as Graps opkyk, is hy net betyds om die seemeeu op hom te sien afduik.



Graps beweeg soos blits, en binne 'n oomblik is hy in die water, en klou hy om lewe en dood vas onder aan die stomp. Hy hoor net 'n paar baie lelike vloekwoorde, soos die seemeeu sy frustrasie uitskel. Eers wanneer hy baie seker is dat

die seemeeu hééltemaal weg is, kruip Graps weer baie versigtig tot bo op die stomp. En dan slaan sy asem so ampertjies weg, want hier reg voor hom breek die branders op die sandstrand.

Die golwe maal en kook en borrel, en die arme Graps word rondgeslinger en gemaal deur die sand. En dan, uitasem lê die uitgeputte Graps op die klam sand. Hy voel te swak om eers te loop. “Hoe gaan ek ooit hier oorleef?“ kerm hy.

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~
~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

Adri wil huil van frustrasie. Die arme krappie - die woeste branders het hom sékerlik papgeslaan daar teen die anderkant van die rots. Sy het gestaan en kyk en kyk wanneer hy weer terug sou kom. Maar hy het nie. Die visse en seekatte en goete het sy arme papgeslaande lyfie nou al lankal opgevreet.

Sy kies koers langs die strand op, en sy stap maar sommer net doelloos al op die rand van die nat sand op. "Hoekom is die lewe so wreed?" wonder sy. Hoe lank sy so

gestap het, weet sy nie, maar skielik is daar iets wat haar aandag trek. 'n Ent weg sien sy 'n groot stomp in die branders, en sy sien dat die see besig is om die stomp uit te spoeg. Die brander maal dit, en dan rol die stomp op die sand uit.

Uitgelate hardloop Adri daarheen - nou is die ellende van die arme krappie hééltemal uit haar gedagtes uit. Wanneer sy by die stomp kom, sien sy daar naby iets bruin op die strand lê - 'n dooie krap. Adri buk en tel hom op - hy

 Gaan Na Inhoudsopgawe

lyk presies nes die rotskrap wat sy daar op die rots dopgehou het. “Aag nee wat, dit kan tog nie hy wees nie!” dink sy, “Maar miskien moet ek hierdie een maar begrawe sodat die seemeeue hom nie opvreet nie, en ook nie die ploegslakke nie.”

Maar skielik merk sy dat die krap begin beweeg. “Hy is lewendig!” gee sy ‘n gilletjie. En dan begin die krap spook en spartel om van hierdie splinternuwe gevaar af weg te kom.

Adri gril, want sy is nogal bang vir

'n lewendige krap - hy het knypers, en hy kan jou nogal seer knyp! Maar Oupa het haar anderdag geleer hoe om 'n krap vas te hou sodat hy jou nie kan bykom met sy knypers nie. Jy vat hom net so hier aan die agterkant van sy dop, en dan is hy skadeloos.

"Jy is mos 'n rotskrap - wat soek jy hier op die sandstrand?" raas sy gemaak-kwaad met die krap. Kom ek gaan sit jou op 'n veilige plek waar die gevaarlike goed jou nie kan opvreet nie. En daarmee stap sy aan na die rots toe. "Los my uit!

Los my uit!" skree Graps benoud, maar natuurlik kan sy nie 'n woord verstaan van wat hy sê nie - sy verstaan mos nie Krapnees nie.....

Al huppelende draf Adri met die krap versigtig vasgeklem tussen haar duim en haar voorvinger, en sy hou haar ander vingers baie ver van sy grypende knypers af weg. Versigtig gaan sit sy hom in die rotspoeletjie langs die groot rots.

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

"Hallo Graps! Waar was jy? Ons het jou gemis jong!" groet die pienk anemone en die verestoffer-
~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

waaiertjies en die kluisenaarkrappies vriendelik en opgewonde wanneer hulle vir Graps sien. “Dis ‘n lang storie…….” sug Graps, “maar dis baie lekker om weer tuis te wees.”

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

“Kom Adri, kom ons gaan huistoe - die visse wil nie byt nie!” roep Oupa Gert, en die drie van hulle stap na Oupa Gert en Ouma Annie se huis toe, daar héél bo op die duin.

Daardie aand vertel Adri vir Ouma van die rotskrappie, en hoe hy
~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

deur die branders geslaan is toe hy van die veilige rots af weg wou gaan. "Dink Ouma dat dit dalk dieselfde krap is wat ek daar half-dood op die strand opgetel het? Wat dink Ouma?"

"Ja my kind, Ouma dink dat dit beslis dieselfde krappie is, en dat jy hom gered het van 'n gewisse dood." Ouma sit lank en dink, en sy kry so 'n veraf kyk in haar oë.

"Waaraan dink Ouma so hard?" ruk Adri vir Ouma uit haar denke uit.

"Adri, kom Ouma vertel vir jou iets wat die natuur ons vandag geleer

het."

En toe vertel Ouma vir Adri, dat ons mense eintlik maar nes daardie ou krappie is. Die Here gee vir ons absoluut alles wat ons nodig het. Al wat Hy van ons vra, is dat ons in Hom moet glo, en dat ons naby Hom sal bly. Dat ons die dinge wat Hy vir ons gee sal waardeer en dat ons vir Hom sal lief wees.

Maar die probleem is dat ons partykeer ons eie paadjie wil gaan loop. Ons dink dat die dinge wat die Here vir ons bied vervelig is - "Julle jongmense sê mos dis

bôring!" sê Ouma. En dan gaan probeer ons ander dinge - ons gaan eksperimenteer met rook en sterk drank en dwelms. En aan die begin is dié baie lekker. Ons gaan na gevaarlike plekke soos nagklubs toe, en dan dink ons dat ons daar veilig sal wees omdat ons Christene is. Maar al daardie plekke is ver weg van die Here af. Die Here is soos daardie Rots wat ons beskerm teen al die gevaarlike goed.

Baie mense - die meeste mense - wat so van die Here af wegdwaal,

word “opgevreet” deur die sluwe ou duiwel en al sy trawante. Daar is maar net ‘n ou paartjies wat so gelukkig is om betyds te besef dat hulle op die verkeerde pad is. Daardie krappie was baie gelukkig om so ‘n liefdevolle mens soos jy te kry wat hom kon red. Soms stuur die Here ook sulke liefdevolle mense op die pad van daardie afgedwaalde mense wat weer by die Here wil uitkom.

“Adri, my kind, Ouma bid dat jy altyd so ‘n liefdevolle mens sal wees, en dat jy sal help om baie

afgedwaalde mense weer by Jesus uit te bring."

"Waarom huil Ouma? Is Ouma hartseer?"

"Nee Adri, Ouma huil want Ouma is gelukkig omdat jy en jou boetie Chris altwee vir Jesus ken en in julle harte lief is vir Hom. En Ouma wéét sommer dat julle altyd by daardie Rots, Jesus sal bly."

# Vioolkrappe en Moddervissies

Nog voor die ou rooi werfhaan behoorlik kans kry om te kraai, word Chris en Adri uit die kooi geboender. Dis Saterdag, en Oupa en Ouma het besluit dat dit nét die regte geleentheid kan wees vir 'n piekniek.

"Waarheen gaan ons, Ouma?" wil Adri nog so half deur die slaap weet, "Is dit baie ver?"

"Ons gaan na Mtunzini toe. Daar is 'n pragtige natuur-reservaat met 'n

groot strandmeer en 'n heerlike piekniekplek. En nee, dis nie baie ver nie - net so 'n halfuur se ry."

Wanneer die twee klaar gestort en ge-titteweit het (Chris titteweit natuurlik nie, en Adri - wel haar titteweit duur nie langer as tien sekondes nie!) dan wag daar 'n geurige, stomende beker koffie en karringmelkbeskuit op hulle in die gesellige kombuis. Op die kombuistafel staan die piekniekmandjie klaar gepak, en hy kreun behóórlik onder die vrag kos.

 Gaan Na Inhoudsopgawe

Oupa maak seker dat almal hulle stapskoene ingepak het, want in Mtunzini se woude kan jy heerlik gaan stap. Hy het lankal die opvoustoele en al die ander goed wat nodig is vir 'n piekniek in die motor gelaai.

Die son is skaars op, dan ry hulle deur die dorpie Mtunzini, af tot onder naby die strand, waar hulle eers by die Ezemvelo Parkeraad se kantoor moet aanmeld en hulle toegangsgeld moet betaal. Oupa koop daar sommer ook 'n bondeltjie vuurmaakhout vir

vanmiddag se middagete. Chris se mond begin sommer outomaties te water, want hy weet wat dit beteken - Oupa gaan van sy tuisgemaakte Boerewors braai vir middagete! En dit is watertand-lekker!

Minute later hou hulle stil langs die kalm water van 'n rustige strandmeer. "Koffietyd!" kondig Oupa aan, en hy haal 'n gasstofie uit. Sommer gou-gou staan die stoom uit die ketel, en elkeen kry 'n blikbeker koffie in die hand. Ouma braai spek, eiers en

tamaties in 'n pan, en spoedig smul die klomp aan 'n geurige ontbyt langs die kabbelende water.

Maar Oupa is nie so rustig soos die watertjie nie - hy is haastig dat die klomp nou klaarkry - hulle draai gans te lank na sy sin. "Ons moet deur die woud gaan stap voordat dit te warm raak. Dit kan nogal baie bedompig raak in hierdie boskasie!"



Chris wou nog gou in die gladde meer gaan induik, maar Oupa keer, want die misterieuse woud wag.

Die woud in Umtinzini is soveel anders as die een waardeur Chris en Adri 'n paar dae gelede gestap het. Hier is 'n duidelike paadjie en dit is redelik oop sodat jy die bome mooi kan sien. Weereens verwonder Chris hom aan die reuse bome wat hulle krone strek na die sonlig daar ver bo. Dit is asof daar 'n groot kompetisie is tussen al die bome om eerste daar bo te kan kom.

 Gaan Na Inhoudsopgawe

Dit is stomend warm in die woud, en kort-kort neem iemand 'n slukkie water. Ouma kla dat almal te vinnig loop, want sy wil nog eers die rakswamme en die mos en die varings en die pragtige sampioene bekyk. Oupa rek weer die hele tyd sy nek om die groot verskeidenheid voëltjies te kan sien. Daar is Bloukuifloeries en Willies en Tinkertjies en Houtkappertjies, en nog 'n swetterjoel ander soorte veervolkies. Chris en Adri is egter uitbundig, en hulle hardloop

vooruit. Oupa laat hulle begaan, want solank hulle op die paadjie bly kan hulle nie juis hier verdwaal nie.

Wanneer die twee by 'n vurk in die paadjie kom, weet hulle nie watter kant toe nie, en dan sit hulle maar en wag vir die twee "Oumense". Chris se aandag word getrek deur 'n rankplant, so dik soos sy arm. Maar die eienaardige van hierdie plant is dat hy oortrek is met aaklige groot dorings. Chris se oog volg die rank waar hy in die bome opkronkel tot daar héél bo, waar hy tussen die krone van die

woudreuse verdwyn. Hy dink onwillekeurig weer aan Jan en die boondjierank, en hy kry sommer seer vir die arme ou Jan se part oor die vreeslike dorings die kêrel se hande so steek. Chris bars uit van die lag, en Adri wonder wat haar boetie nou alweer so lekker kielie!

En dan kom Oupa en Ouma om die draai gestap - Oupa, neus in die lug, op soek na nóg voëltjies, en Ouma neus teen die grond, op soek na al die mooi klein dingetjies.

Chris beduie na die gedoringde

rank, en Oupa verduidelik dat dit die St Lucia Rankplant is - iets wat in byna al die woude langs die Ooskus voorkom.

Maar nou het hulle stappie deur die woud ook tot 'n einde gekom, en wanneer hulle weer in die helder sonlig kom, uit die skemer van die woud, word hulle beloon met 'n beker yskoue vrugtesap.

"Kom, nou wil ek julle iets baie interessant gaan wys." maak Oupa die twee nuuskierig.

Terug by die strandmeer, lei Oupa hulle in 'n ander soort woud in.

Hier is nie 'n enkele groot boom nie. Vir die twee kinders lyk al die bome omtrent eenders en ewe groot. Maar die groot verskil is dat 'n mens dit nie eers kan waag van die hout loop-paadjie af nie, want oral rondom jou is dit net water en modder - 'n egte moeras.

"Oupa, hierdie moeras lyk hééltemaal anders as die een in die woud op Oupa se plaas," merk Chris op.

"Inderdaad - daardie is 'n Kus-moerasbos. Hierdie een is 'n Manglietwoud."

Adri wil weet wat die verskil dan is? 'n Moeras is mos maar 'n moeras - is dit dan nie?

Nou moet Oupa sy storie ken. Hy verduidelik dat die plante in die Kus-moerasbos totaal anders is, want hulle groei in vars water. Daar groei Kinnabome en Paddabome, Waterbessies en Moerasvye - almal baie groot bome. In 'n Manglietwoud is daar nie vars water nie, want die water in die strandmeer is 'n mengsel van rivierwater en seewater. Wanneer die gety inkom, dan gebeur dit

dikwels dat die see opstoot in die meer in, en dan kan die water baie sout wees. Wanneer die rivier egter afkom, dan is die water weer vars.

Vir al die plante wat daar groei, is dit 'n baie groot probleem en hulle moet reuse aanpassings maak om te kan oorleef. En dieselfde geld natuurlik ook vir die diere wat daar bly.



Oupa beduie na 'n kaal kol tussen die

bome. Daar staan sulke snaakse stokkies regop oor die hele gebied. "Wat dink julle is dit daardie?"

Chris krap sy kop - nee, hy het nie eers 'n idee wat dit kan wees nie. "Oupa", waag Adri dit, "dit lyk amper soos klein boomworteltjies wat groot geskrik het."

"Aag, moenie laf wees nie Sus!" jak Chris haar af - sy kan soms sulke simpel dinge kwytraak.

"Adri, jy is nie ver verkeerd nie!" lag Oupa. Dan verduidelik hy dat die bome se wortels almal so diep in die modder is, dat hulle nie kan

“asem” kry nie. Hierdie is “lugwortels“, wat eintlik beteken dat hierdie regop “stokkies” uit die lang wortels van die boom opgroei om vir die plant suurstof te kry uit die lug uit.

“Hierdie is die wortels van die Witseebasboom” vertel Oupa, “een van drie algemene wortelbome. Die ander twee wat ons algemeen aan die Ooskus kry, is die Swart Wortelboom en die Rooiwortelboom.” Nie al die moerasbome haal asem soos die Witseebasboom nie - party kry

hulle suurstof deur klein openinge in die stam, of van wortels wat luglangs groei uit die stam of selfs uit hulle takke uit.

Maar suurstof is nie die enigste probleem waarmee hierdie plante te doene het nie. Sout is die ander baie groot probleem. "Het julle al probeer om seewater te drink?" wil Oupa weet.

"Dis jiggie Oupa!" en Adri trek 'n bakkies wat wys presiés hoe jiggie dit nou eintlik is.

"'n Mens kan doodgaan as jy te veel seewater drink" waarsku

Oupa, "want as jy te veel sout inkry, versteur dit die balans in jou liggaam, en dan hou jou niere op werk, en allerhande soorte dinge loop skeef."

Hy laat die twee eers 'n bietjie goed herkou aan hierdie probleem, en dan vervat hy: "Nou ja, bome het presies dieselfde probleem. As hulle te veel sout saam met hulle water inkry, word die balans in hulle stelsel versteur, en dan gaan hulle dood."

Nou is die twee baie nuuskierig - hoe sou al hierdie bome dan so

goed oorleef hier in die soutwater?

Oupa wys na een van die bome: "Kan julle sien dat baie van die boom se blare geel is? En dit is dan nog nie eers herfs nie? Kan julle raai waarom dit so is?"

Nee, hulle kan beslis nie raai nie - waarom is dit dan?

"Hierdie boom is baie slim: Wanneer daar te veel sout in sy sap is, dan pomp hy al die sout in sy blare in. Wanneer 'n blaar vol sout is, onttrek die boom al die bruikbare goed soos bladgroen

(chlorofil) uit daardie blaar, en dan word die blaar geel. Dan laat die boom daardie blaar afval. Op daardie manier raak die boom op 'n slim manier ontslae van al die gif. En dan sê mense nog dat bome nie kan dink nie......"

Maar Chris is nie tevrede met die antwoord nie, want sy oog dwaal onder die boom, en hy sien nie 'n enkele geel blaar daar rondlê nie. "Oupa, ek verstaan nie......"

Oupa is baie ingenome met Chris se opmerksaamheid. "Daar is 'n baie goeie rede voor, Chris. Sien

julle al die gaatjies in die modder?" Nou merk die twee vir die eerste keer dat "iemand" die hele vloer van die moeraswoud vol ronde gaatjies gesteek het.

"Rooi Mangliet-krappe se huisies." verduidelik Oupa. "Hulle kos is die blare van die wortelbome. Sodra een van daardie geel blare afval, dan is daar 'n stormloop van krappe om eerste by die blaar te kom. Dit word in sy gaatjie ingesleep, waar hy dit in sy spens gaan bêre."

"Sjoe Oupa, dan hoef die krappie nie eers rond te loop om kos te

soek nie. Dis darem lekker né?"

"Ja Adri, maar die boom kry ook darem iets hieruit - wanneer die krap die blaar opgevreet het, is sy mis weer bemesting en voedingstowwe vir die boom. En boonop is daar miljoene mikro-organismes wat ook saam eet. So tussen die krappe en die boom word daar 'n swetterjoel klein diertjies aan die lewe gehou."

"Dis wonderlik Oupa - die Here het die natuur darem asemrowend gemaak!"

"Inderdaad, maar Manglietkrappe

eet nie net die blare nie - party van hulle eet ook die vrugte van die wortelbome. As daar te veel krappe is, dan word al die bome se vrugte en sade opgevreet, en dan kan daar nie nuwe bome groei nie. As die balans versteur word, dan is daar baie wat daar onder ly."

"Oupa, maar wat sou dan veroorsaak dat daar te veel krappe is?"

"Wanneer die natuurlike vyande van die krappe te min word, dan is daar 'n populasie-ontploffing. Hoe gebeur dit? Diere soos Otters en

Kommetjiesgatmuishonde se kos is krappe. As ons die omgewing uitroei om huise te bou of die grond te bewerk, dan is daar nie meer plek vir hierdie diere om te bly nie, en dan soek hulle ander blyplek. Dan is daar niks meer wat die krappe se getalle in toom hou nie."

"Sjoe, maar dis ingewikkeld!" sug Adri.

"Ja, maar kom - ek wil julle iets anders wys."

'n Entjie verder aan is daar weer 'n oop kol tussen die wortelbome.

Maar hier lyk dit behoorlik asof die grond gedurig beweeg. As die twee kinders mooi kyk, sien hulle dat dit honderde krappe is. Maar hierdie is nie sommer net gewone krappe nie - hulle het reuse rooi knypers wat hulle die hele tyd soos vlaggies swaai.



Chris merk op dat hier iets baie snaaks aan die gang is. Hierdie krappe is dan almal gebreklik! Die arme goed het wel twee knypers soos gewone

krappe, maar die een knyper is reusagtig groot, en die ander een is verspot klein. "Wat is fout met hulle, Oupa?"

Oupa verduidelik dat hierdie Vioolkrappe is, want hulle lyk nes iemand wat besig is om viool te speel. Die groot knyper lyk verskriklik gevaarlik, maar eintlik is hy net daar om af te wys. Hoe groter en kleurvoller sy knyper is, hoe meer hou die meisie-krappe van hom. Hy probeer dus die wyfies daarmee beïndruk. Die klein knypertjie is eintlik die belangrike

een - die een wat hy eintlik gebruik om mee te eet en te werk.



"Oupa, kyk daai snaakse paddavissie!" Adri is opgewonde oor sy ook iets eerste raakgesien het.

"Nee Adri", lag Oupa, "dis nie 'n paddavissie nie - dit is 'n Moddersspringertjie. Kyk, sy twee ogies sit bo-op sy kop." Op daardie oomblik besluit die vissie dat sy waterpoeletjie nie meer lekker is nie. Hy spring uit die water uit, op

die klam modder, en dan spring-spring hy grondlangs tot by die volgende poeletjie, 'n meter of wat verder.

Die moeras is baie stil en rustig, maar hoe verder die groepie stap, hoe meer kom hulle agter dat daar tóg baie lewe is - slakkies wat teen die boomstamme sit; vissies wat in die poele swem; spore van diere wat op die een of ander tyd daar geloop het.

"Ja, hier is baie meer lewe as wat 'n mens sal dink", merk Oupa op, "die meeste van die diere sien ons

maar selde, want hulle bly onder die modder. Daar is duisende kreweltjies, en selfs mossels en slakke en wurms."

Wanneer die groep weer by die strandmeer kom, wil Chris sommer sy klere afstroop en inspring vir 'n vinnige afkoel. Maar Oupa keer hom baie vinnig. "Kyk daar", beduie Oupa na 'n houtstomp wat in die meer dryf, "daardie is gladnie 'n stomp nie - dit is 'n krokodil wat net lê en wag vir 'n sappige happie Pretoria-vleis!"

Chris skrik hom asvaal: "Rêrag

Oupa?" Maar die volgende oomblik verdwyn die "stomp" skielik onder die water, en al wat oorbly is 'n ry borreltjies op die oppervlak van die meer. Nou glo hy sy Oupa.

"Kom help my liewer - maak gou vir ons 'n vuurtjie sodat ons die worsie kan braai vir middagete." Sommer gou gesels die vuurtjie se vlammetjies gesellig, en sit die vier en ontspan, elk met 'n yskoue, lawende glas koeldrank in die hand - Ouma se tuisgebroude gemmerbier.

'n Reuse Visvangertjie kom sit op 'n

droë tak, en staar na die rustige water onder hom - hy hoop dat daar die een of ander tyd 'n vissie gaan verby swem. Aan die oorkantste wal stap 'n Nimmersat met afgemete treë in die vlak water. Sy lang, koddige geel snawel soek-soek in die water vir 'n sappige happie. Hierdie groot wit voël is een van ons ooievaars.

'n Groot swarterige voël met 'n wit nek kom aangesweef en land 'n paar treë van die groepie af op die grasperk. "'n Wolnek-ooievaar" vertel Ouma. "Ja, dis nie net julle

Oupa wat voëls ken nie - ek weet ook darem iets!"

Te gou is die dag verby, en hulle laat die wonderwêreld van die Manglietwoud agter. Wanneer dit donker word, gaan die Bosnagapies en Muskeljaatkatte en Kommetjiesgatmuishonde en al hulle nag-maats uitkom. Dan gaan die Manglietwoud lewe op 'n héél ander manier.

# Getye

Dit is 'n koel, rustige somersaand waar die twee kinders saam met Oupa Gert en Ouma Annie op die ruim ou stoep van die plaashuis sit. Die sterretjies lyk vanaand helderder as ooit, en die vol maan is net besig om uit die see te loer. 'n Silwer pad vorm al op die see langs reguit na hulle toe as die maan hom langsaam, gaap-gaap uit die see uit lig.

"Dis vanaand volmaan" sug Oupa, "en dit is natuurlik spring-gety."

“Oupa, ek verstaan nog nie die ding van spring-gety nie - hoe werk dit nou eintlik? Wat veroorsaak dit?” wil Chris weet.

“Wat is hierdie spring-gety-ding Boetie?” wil Adri weet, nog voordat Oupa asem kan skep om te antwoord.

“Ek het jou mos al anderdag gesê - dit is wanneer die see baie hoog is met hoogwater, en baie laag is met laagwater. Onthou jy, ons het mos twee weke gelede met spring-gety daar op die rotse rond geloop? Oupa, het dit dalk iets met die

maan te doen?"

"Chris, dit was 'n baie goeie waarneming wat jy gemaak het. Ja, inderdaad het dit iets met die maan te doen."

"Maar Oupa, nou verstaan ek nog minder - as dit spring-gety is met volmaan, waarom was dit dan twee weke gelede ook spring-gety? Daar was toe galdnie eers 'n maan nie?"

"Chris, ek is verstom oor jou oplettendheid! Oupa is baie trots op jou. Maar nou wil ek julle twee eers 'n vraag vra: Wat is dit wat maak dat jy op die aarde bly, en

nie sommer in die lug opstyg nie?"

Adri ken hierdie antwoord: "Swaardekrag, Oupa - Juffrou Burger het dit vir ons geleer!"

"Nee Dommie! Nie swaardekrag nie - dis swaartekrag." help Chris haar reg, "met 'n "T"!"

"Nou wil ek julle 'n geheim vertel: dit is nie net die aarde wat swaartekrag het nie, maar elke liewe ding het swaartekrag. Dit werk amper soos 'n magneet - elke ding het die vermoë om iets anders na hom toe te trek. Die probleem is net dat dit 'n baie,

baie flou krag is. Maar hoe groter 'n ding is, hoe groter is sy swaartekrag. Omdat die aarde baie groot is, is sy swaartekrag nogal groot. Dit is so groot, dat al die los goed op die aarde se oppervlak na hom toe aangetrek word, en sommer daar bly vasklou. As jy in die lug opspring, kom jy baie vinnig terug, want die aarde se groot swaartekrag trek jou hard terug.

Dieselfde wat met los goed gebeur, gebeur natuurlik ook met vloeistowwe soos water. Die see se

water word netjies en glad teen die aarde se oppervlak vasgetrek.

Maar nou moet julle onthou dat ek gesê het dat alle dinge 'n swaartekrag het. Dit beteken dat die maan natuurlik ook 'n swaartekrag het. Ja, hy is natuurlik baie ver van die aarde af, maar hy is soos 'n groot, ronde magneet wat die goed wat op die aarde is na hom toe aantrek. Natuurlik gaan ek en jy dit nie eers voel nie. Maar omdat daar so verskriklik baie water in die see is, trek hy dit so 'n effentjies in sy


rigting. En dit is wanneer daar hoogwater is, aan die kant van die aarde waar die maan is."

"O, nou maak dit alles vir my sin Oupa." knik Chris sy kop. Maar iets wil nog nie lekker werk nie. "Maar dit verduidelik nog nie waarom daar spring-gety en dooie-gety is nie?"

"Ja Chris, jy is hééltemaal reg. Hierdie is maar net die begin van die storie. Adri, gaan haal gou vir Oupa daardie bol speelklei, en bring sommer vir my 'n bal ook saam." Adri is blitsvinnig terug

met Oupa se bestelling - nou is sy baie nuuskierig.

Oupa vat die bal, en plak 'n stuk klei aan die een kant vas. "Kyk nou mooi wat gaan gebeur as ek die bal laat tol." sê Oupa, en hy draai die bal vinnig in die rondte. Die bal wikkel hierdie kant toe en daardie kant toe, maar hy wil maar nie lekker draai nie. "Waarom wil dit nie werk nie?" wonder Oupa.



"Maar Oupa, hy sal nie werk nie, want hy is uit balans uit

met die stuk klei aan sy een kant."

"Hééltemaal reg Chris, en dit is presies wat met die aarde gaan gebeur as al die water na een kant toe getrek word deur die maan - hy gaan totaal uit balans raak en so skud dat ons nie herwaarts of derwaarts weet nie. Maar die aarde maak sy eie plan om die balans reg te stel. Wanneer die maan die water eenkant toe trek, balanseer die aarde homself deur ook water na die teenoorgestelde kant toe te gooi. Ons noem dit middelpuntvlietende krag. Aan die

twee kante waar die water uitstoot is dit dan hoogwater, en tussen in is dit laagwater. Wanneer dit dus in Suid-Afrika hoogwater is, sal dit terselfdertyd in Australië hoogwater wees."

"Ja Oupa, nou maak dit sin." Maar steeds is daar iets wat Chris nie kan kleinkry nie - Oupa verduidelik dan nie van spring-gety nie.


"Chris, ek sien iets pla jou steeds. Maar kom ek verduidelik verder. Die maan is nie die enigste ander hemelliggaam naby die aarde nie. Onthou: ons het ook 'n son! Omdat

die son baie, baie groter is as die maan, is sy swaartekrag miljoene kere sterker as die maan. Maar hy is baie verder weg van die aarde af, en daarom is sy uitwerking op ons nie so groot soos die maan nie.

Adri, Oupa wil jou weer stuur: bring vir my twee tennisballe." Adri is sommer gou terug met die balle - hierdie storie raak nou sommer baie interessant.

Oupa vat die twee tennisballe, en hy rangskik hulle weerskante van die groot bal. "Kom ons sê dat die een tennisbal die maan is en die

ander een die son. Die een trek na die een kant toe en die ander na die teenoorgestelde kant toe. Wat dink julle gaan met die water van die oseaan gebeur?"



Nou gaan daar vir Chris 'n liggie op: "Dit kan net spring-gety wees Oupa. Want die maan trek mos eenkant en die son anderkant. Dan is hoogwater mos baie hoog aan die

twee kante waar die son en maan trek, en al die water tussen in word weggetrek, en daar is dit laagwater."

"Jy is een honderd persent reg Chris. Maar hoe dink julle gaan die maan dan vir ons lyk?"

Die twee krap kop - hierdie raaisel kan hulle nie lekker uitwerk nie.

"Kom ek verduidelik: Die son skyn van agter die aarde af op die maan. Dan gaan dit mos volmaan wees. En dit is presies wanneer dit spring-gety is - met volmaan."

“Maar Oupa, waarom was dit dan ook spring-gety toe dit nuwemaan was?”

“Wat is nuwemaan, Boetie?” wil Adri weet.

“Dit is wanneer jy gladnie die maan kan sien nie, of wanneer die maan net ‘n ou klein sekeltjie is.”

“Ja Chris, jy is reg.” Oupa vat nou die een tennisbal en hy sit hom aan dieselfde kant van die bal neer as die ander tennisbal, net heelwat verder weg.

“Hier is ‘n situasie kinders: die

verste tennisbal is die son, en die een naaste aan die aarde die maan. Hoe gaan die maan vir jou lyk as jy op die aarde staan?"

Nou snap Chris: "Hy gaan donker wees, Oupa, want die son gaan agter hom wees, en al wat ons gaan sien is sy donker gesig."

"Slim kind! Dit is nuwemaan. Maar wat gaan nou met die oseane gebeur? Die son en maan trek mos nou altwee na dieselfde kant toe?"

"Wel, dit gaan hoogwater wees aan die kant waar die son en maan trek. Maar wat van die ander

kant?"



Chris dink 'n bietjie, en dan onthou hy: "O ja, natuurlik! Dis daardie middelpunt-ding waarvan Oupa netnou gesê het."

"Ja Chris, middelpuntvlietende krag. Aan die anderkant van die aarde gaan dit dan mos ook hoogwater wees. En natuurlik is dit weer spring-gety."

Oupa skuif weer aan die balle. Nou plaas hy hulle so dat die son-bal en die maan-bal in twee verskillende rigtings trek - met 'n negentig grade hoek teenoor mekaar. Chris krap kop - hierdie een is nie so maklik om uit te werk nie.

"Een ding het ek darem uitgewerk - dit gaan halfmaan wees. Maar wat gaan met die getye gebeur Oupa?"


"Onthou nou mooi wat ek aan die begin gesê het: die maan se aantrekkingskrag op die aarde is groter as die son s'n. Aan die kant

waar die maan trek gaan dit dan mos hoogwater wees - is dit nie so nie?"

Chris skud ingedagte sy kop. "Ja Oupa, maar die son........?"

"Goed, waar die son trek gaan dit ook hoogwater wees, maar baie minder as waar die maan trek. Maar nou moet ons ook weer onthou van die middelpuntvlietende krag.

Die aarde moet homself balanseer, en daarom gaan dit





Gaan Na

aan die teenoorgestelde kant van die maan hoogwater wees, nes waar die maan is. Op dieselfde manier gaan dié oorkant die son ook 'n kleiner hoogwater wees, dieselfde as aan die kant waar die son is. Omdat die son en maan teenoor mekaar trek, gaan die hoogwater aan die maan se kant nie so hoog wees as met spring-gety nie. En waar die son trek, gaan dit eintlik 'n soort hoë laagwater wees. Dit is wat ons dooiegety noem."

Adri bly 'n lang ruk stil - diep

ingedagte. Dan sug sy swaar: “Oupa.......”

“Ja Adri?”

“Oupa, verduidelik dit asseblief weer vir my, Oupa.........”

# Bloublasies en Komkommers

Gisteraand se volmaan het dit duidelik uitgespel: Dit is spring-gety. Vanoggend gaan die gety baie laag wees, en dit beteken net een ding: Rotspoeletjies, hier kom ons!

"Ons het seker al omtrent al die verskillende soorte seediere gesien wat daar is." wonder Adri hardop.

"O, moenie glo nie! Daar is derduisende wat ons nog nie gesien het nie. Ons het maar net die

seekoei se oortjies gesien."

"Ek het nie 'n seekoei se ore gesien nie - wanneer was hy daar?"

"Aag Adri, dis 'n spreekwoord."

"O?"

"Kom ek vertel gou vir julle die storie van die Bloublasie." tree Oupa tussenbeide, en skielik is die twee die ene ore.

"Baie mense dink dat 'n bloublasie 'n dier is, maar ek wil vandag vir julle 'n geheimpie vertel. 'n Bloublasie is eintlik 'n hele klomp diertjies wat saambly in een

kolonie. En elkeen van hierdie diertjies het 'n spesifieke taak. Die grootste een van die diertjies is die blou blaas wat ons altyd eerste raaksien. Sy groot taak in die lewe is om te sorg dat die res nie sink nie. Hy produseer koolsuurgas om die blaas altyd styf opgeblaas te hou sodat die res van die kolonie net onderkant die oppervlakte van die see kan dryf. Hy is natuurlik ook so ontwerp dat hy amper soos 'n seilboot se seil lyk, sodat die wind hom kan rondwaai na plekke waar

daar kos is."



"Bly hy maar altyd so opgeblaas Oupa?"

"Nee Adri, wanneer die bloublasie aangeval word, kan hy afblaas en vir 'n kort rukkie in die see wegsink om van die gevaar af weg te kom. Dan pomp hy maar weer sy balonnetjie op om te dryf."

"Sjoe Oupa, ek het altyd maar gedink 'n bloublasie is maar net 'n ding met 'n angel wat seer kan

steek."

"Nee Chris, dit is eintlik 'n baie komplekse organisme. Maar daardie 'angel' waarvan jy praat, is eintlik die tweede groep diertjies wat deel vorm van die Bloublasie. Hulle hang in lang stringe onder die blaas - gewoonlik word hulle tot tien meter lank. Maar weet julle, daar is Bloublasies waarvan die stringe tot vyftig meter lank word.

Hierdie stringe het rye en rye steekselletjies, amper soos piepklein spuitnaaldjies vol gif

gepomp. As 'n vissie of 'n seediertjie daaraan raak, dan skiet die naaltjie uit en spuit gif in die diertjie in, wat hom verlam. Dit is daardie einste steekselletjies wat jou so brand as jy aan hom raak."

"Een het my nou die dag gepiets, en ek het geskree van pyn, Oupa. Daardie goed is giftig!"

"Inderdaad Chris, en as jy allergies is daarvoor, kan jy selfs doodgaan van sy steek."

"Ek gaan nie weer in die see swem nie......" pruil Adri.

"Wanneer hierdie stringe soldaatjies 'n seediertjie verlam het, trek die string saam, en dan bring hy dit na die 'kombuis' toe. Dit is nou die derde groep diertjies in die kolonie. Hulle spuit ensieme in die seediertjie om dit af te breek - dieselfde soort goed wat in ons maag is. En so word die diertjie dan verteer, en elkeen van die diertjies in die kolonie - die blaas en die soldaatjies en al die ander - kry dan hulle kos wat deur die 'kombuis span' voorberei is."

"Ek het nooit besef nie Oupa, dit

is dan 'n goed-georganiseerde organisme!"

"Ja, maar dis nog nie al nie. 'n Bloublasie moet kleintjies kry om te kan verseker dat hulle voortbestaan. En dit is die werk van die 'kraam-span'. Hierdie is 'n groep diertjies met net een enkele taak in die lewe, en dit is om nuwe klein bloublasies te produseer.

En op hierdie manier werk 'n klomp klein diertjies saam om een groot organisme te vorm wat uiters effektief is. Is dit nie wonderlik nie?"

Ouma luister met een oor na die interessante gesprek. “Ja, en dan wil mense nog sê dat daar nie ‘n Skepper is nie! Is dit nie die bewys van hoe wonderlik God beplan en geskep het nie? Sulke dinge kon mos nie maar toevallig gebeur het nie - daar is haarfyn beplanning om so ‘n komplekse organisme te laat leef en voortbestaan. Oupa, vertel hulle ‘n bietjie van daardie see-wors-ding.”

“Nee, Liefie, dit lyk dalk soos ‘n wors, maar dis ‘n Seekomkommer waarvan jy praat.”

"Ja, wat-ookal......."



"Maar Oupa, ons moet nou loop, want ons moet rotspoeletjies toe gaan."

"Neewat Adri, dis nog te vroeg - dit is nognie laagwater nie. Kom ek vertel gou vir julle van julle Ouma se 'wors'. 'n Seekomkommer is ook een van die Buisvoetiges. Onthou julle nog die seekastaiings met die suiertjies tussen hulle penne? Seesterre het ook sulke suiertjies. En dan die

seekomkommers. Daar is 'n klomp verskillende soorte seekomkommers - party vaal-bruin, ander weer helder oranje. Daar is swartes en gryses en groenes. Een soort is pikswart met oranje kolle, en 'n ander een is weer so bont soos 'n kameelperd. Sommige is pers, en dan is daar die een wat helderblou is met rooi strepe. Daar is selfs geel en pienk Seekomkommers. En daar is een met spierwit maanhare."

Adri sit groot-oog vir Oupa en aanstaar. As sy haar spraak terug

kry, hyg sy: "Maar Oupa, ek dog dan alle komkommers is groen!"

"Nee Adri, hierdie is nie die vrugte wat Ouma gebruik om slaai mee te maak nie. Seekomkommers is seediere."

Adri skud haar kop stadig op en af, maar dit is baie duidelik dat sy nou hééltemaal in die war is.

"'n Seekomkommer", verduidelik Oupa, "is 'n langwerpige dier wat amper soos 'n stuk wors of pilonie lyk. Hy het nie eintlik 'n bokant of onderkant nie - hy het vyf kante wat omtrent eenders lyk.

En dan het hy buisies met suiertjies op sy vel waarmee hy rondbeweeg - amper soos 'n duisendpoot se pootjies.

Seekomkommers het 'n skelet, of geraamte net onder sy vel. Dit hou hom natuurlik stewig. Maar die interessante is dat wanneer hy deur 'n baie klein openinkie wil gaan, dan haak sy skelet uitmekaar, en dan kan hy amper soos vloeistof deur die opening spoel."

Chris se mond hang skaamteloos oop van pure verwondering.

“Brommertyd!” koggel Adri hom, en skaam-skaam maak hy sy mond toe.

“Ja, en daar is ‘n paar ander baie interessante feite oor Seekomkommers. Die een is dat hy gladnie ‘n brein het nie. Hy het nie rêrag ‘n kop nie, maar hy het ‘n voorkant, waar sy mondopening sit. Rondom hierdie opening het hy ‘n klomp tentakels, wat by party soorte amper soos ‘n miniatuur boompie lyk. Hiermee soek hy kos, en dan prop hy dit in sy mondopening in.

Party soorte Seekomkommers het

'n baie interessante verdedigingsmeganisme. Hulle is almal baie stadig, en hulle kan nie weghardloop as iets hulle wil opvreet nie. Maar as gevaar dreig, dan spoeg hy sy derms uit."

Adri trek 'n suur gesig: "Ag nee jiggie Oupa!"

Chris kraai soos hy lag: "En dan Oupa? Hy sal mos doodgaan, is dit nie?"

"Nee Chris, hierdie dierasie groei vir homself dan net weer 'n nuwe stel derms, en binne 'n paar weke is hy weer perdfris!"

“Ek hou niks van Seekomkommers nie!” kerm Adri.

“Weet julle wat simbiose is?” toets Oupa die twee. Nee, hulle het nie 'n idee nie. “Simbiose is wanneer twee diere of plante saam leef, en die twee sorg vir mekaar. Daar is sekere soorte Seekomkommers en sekere soorte klein vissies wat so in simbiose leef. Hierdie vissies swem tot binne-in die Seekomkommer se maag, en dan leef hulle daar. Hulle kruip daar weg, en hulle help hulleself sommer ook aan die kos

wat die Seekomkommer eet. Daar is ook wurms en krappies wat partymaal in die Seekomkommers bly."

"Voordat julle strand toe stap, wil ek julle net nog van een laaste interessante diertjie vertel - die Eendmossel."

"Ek weet!" skree Adri opgewonde, "Ek het anderdag van hulle op die rotse gesien - Chris het my gewys Oupa. Dit is daardie goetertjies wat soos klein vulkaantjies lyk."

"Einste hulle, Adri. Eendmossel se storie begin wanneer hy nog maar

net 'n piepklein larwetjie is. Die kêrel is dan eintlik nog maar net kop en pote. Hy het 2 horinkies, antennas en een enkele oog in die middel van sy kop. Wanneer hy ouer word kry hy 'n dop wat bestaan uit twee lobbe. Uiteindelik breek die tyd aan dat hy sy volwasse stadium bereik. Nou soek hy 'n ankerplek - 'n blyplek. Hy is nogal kieskeurig - hy hou daarvan dat dit 'n rots is, en daar moet alreeds ander eendmossels woon, maar in die diepsee sal 'n skip se romp ook doen. Met sy antennas

voel-voel hy totdat hy presies die regte plekkie kry met presies die regte tekstuur, en dan suig hy daar vas met sy antennas.

Een faktor wat vir hom sê dat dit "home-sweet-home" is, is die feit dat daar ander eendmossels binne reikafstand is. 'n Volwasse eendmossel se dop skei chemiese stowwe af wat voornemende huiseienaars trek soos 'n kers 'n mot aantrek.

Hierdie feit is iets wat vir almal wat bote of skepe besit, groot nagmerries gee, want as daar net

‘n stukkie dop aan sy skip vasklou, dan trek al wat ‘n eendmossel larwe is daarheen, en voor jy kan sê: “seekastaiing”, dan sit hy met ‘n vrag eendmossels aan sy romp wat sy skippie tot stilstand rem.

Sodra hierdie klein amper-eendmosseltjie sy nissie in die lewe gekry het, gaan staan hy op sy kop. Maar dis nie sommer van snaaksigheid nie. Sien, sy pootjies het intussen verander, en nou lyk hulle soos ‘n klein visnetjie. Hy waai met sy visnet-pootjies in die water rond, en dan vang hy

plankton met hulle. Terselfdertyd begin hy vir hom 'n huisie bou. Hy bou vir hom mure wat bestaan uit 6 of 8 klipharde plate. Dit is belangrik dat hy nét genoeg spasie om hom het sodat daar genoeg plek is om te groei. Maar hy moet ook sy bure hiervandaan kan bereik.

"Waarom is dit so belangrik Oupa?"

"Die voortbestaan van die spesies! Sien, waar hy homself vasmessel, daar bly sit hy vir die res van sy lewe. Daar kan hy gladnie weg nie.

Eendmossels is hermafrodiete - dit beteken dat hulle tegelyk mannetjies en wyfies is. Twee Eendmossels wat langs mekaar vasgemessel is, bevrug mekaar, sodat daar weer duisende nuwe klein Eendmosseltjies die nuwe siklus kan begin."

"Dit is baie interessant Oupa!"

"Ja, maar nou moet julle hardloop - dit is nou-nou laagwater!"

# Sluwe, Slinkse Seekat

Uitbundig hardloop die twee kinders die kronkelpaadjie deur die digte kuswoud af strand toe. Adri stop nie eers vir 'n enkele skoenlappertjie nie. Sy wil nou een van daardie komkommers sien waarvan Oupa vertel het. Die gety is vandag besonders laag, en die twee huppel uitgelate oor die klippe om by die rotspoeletjies uit te kom.

Adri is die eerste om iets interessants te sien: "Het jy dit gesien Chris?" en sy beduie na een

van die rotse waar die brandertjies spoel.

“Het ek wat gesien?” Hoe moet hy dan nou ook kan ruik wat sy suster alles sien?

“Daardie klip - daar het water uit die klip uitgespuit!”

Aandagtig staan die twee die rots en dophou, maar daar gebeur net mooi niks. “Aag, jy het jou verbeel......” maar Chris voltooi nie sy sin nie, want net toé spoel daar ‘n brandertjie teen die rots verby, en wanneer die water sak, spuit daar ‘n straaltjie water uit die

rots uit.

Chris klim in die poeletjie in en loop knie-diep in die water tot by die rots. Waar die water uitgespuit het, is dit bruin en bedek met alge en half-wollerige strukture. Hy voel versigtig hieraan. Dit is effens sag, maar baie stewig. Maar dit beweeg half as hy daaraan druk.

Dan onthou Chris - dit moet Rooi-aas wees! Oupa het vir hom verduidelik van hierdie seediere wat in hulle leer-agtige huisies teen die rotse bly. Hulle is

gewerwelde diere, met 'n ruggraat en al, wanneer hulle klein is. Maar die dag as hy eers teen die rots gaan nes skrop het, verander hy in 'n ruggraatlose blob jellie wat nooit weer sy pote uit sy huisie sit nie. Oupa sê dat dit uitstekende aas is om mee te hengel!

Adri hou haar boetie angstig dop - sê nou net die een of ander monsteragtige seekat kom gryp hom daar! Wat Adri natuurlik nie weet nie, is dat seekatte hier op die rotse nooit so groot word dat hulle mense kan aanval nie - dis

sommer ouvroustories daardie!

O ja, daar is natuurlik monsteragtige, reuse seekatte. Maar eintlik is hulle inkvisse, en hulle bly in die pikdonker dieptes van die diepsee. Spermwalvisse duik partymaal meer as 'n kilometer diep om hierdie sappige "happies" te vang. So 'n Reuse Inkvis is baie gevaarlik, en hy kan maklik vyf-en-twintig meter lank word, met oë so groot soos 'n sopbord. Dit stuur koue rillings langs jou ruggraat af!

Nou eers merk Adri al die vissies

in die groot poel. Daar is vaal vissies en blinketjies en vissies met strepies oor hulle blaaie, nes 'n wafferse sebra. As sy onder 'n groot rots inloer, sien sy 'n paar lang voelers beweeg. "'n Kreef! Ek sien 'n kreef!" skree sy opgewonde vir Chris.

Hy haas hom om uit die poel te kom, en dan loer altwee nuuskierig onder die rots in. En daar sit Tá! En saam met hom 'n paar maters. Maar die kinders se teenwoordigheid staan hulle nie aan nie, en hulle verdwyn onder die

rots in.

Iets wat vir Chris opvallend is, is die baie groen seegrasse - party is sommer oop en bloot op die rotse. Maar hulle lyk maar baie verlep. Eintlik is hierdie nie gras nie - so vertel Oupa - dit is alge. 'n Mens kry bruin en groen en pers alge - dit hang net af hoe diep hulle in die water is. Die lang Seebamboese wat 'n mens in die Kaap kry, is ook maar alge. Hulle het nie wortels soos ander plante nie. Hulle "wortels" is eintlik maar net ankers wat hulle aan die rotse

laat vasklou sodat die branders hulle nie afslaan nie.

Byna gelyktydig sien die twee die beweginkie in die poeletjie. Maar hoe hard hulle ookal kyk - daar is niks! “Seker maar my verbeelding.” prewel Chris.

“Nee!” gil Adri, “Daar beweeg hy weer!” Dit lyk kompleet asof die rowwe klip effens beweeg onder die water. Chris steek versigtig met ‘n stokkie na die rots - dit gee effens mee. En dan, soos blits skiet daar ‘n arm uit en gryp die stokkie vas. Chris hik soos hy

skrik! Nou maak hulle vaagweg die vorm van die seekat uit - perfek gekamoefleer om presies net soos die rots te lyk waarteen hy sit. Al wat hom weg gegee het was die beweging toe hy asemhaal.

Nou sit die twee plat op hulle agterstewes en bewonder die dierasie. Die Seekat is nie baie ingenome met sy toeskouers nie, en skielik verander hy van kleur. Eers byna spierwit, en sekondes later amper pikswart. En dan begin hy beweeg om weg te kom van hierdie twee lasposte af.

Intinktief steek Chris sy hand in die poeletjie om die Seekat te keer. "Is hy nie gevaarlik nie?" wil Adri weet.

"Nee, hulle is skadeloos....." maar die volgende oomblik gryp die Seekat se taai arms vir Chris aan die hand. Hy wil sy hand uit die poeletjie ruk, maar Seekat se kind suig vas. "Help!" skree Chris verskrik. Dan los die Seekat sy greep, en in 'n swart wolk ink verdwyn hy soos mis voor die son.

Chris is spierwit geskrik. Hy het nooit verwag dat die gedierte hom

sou gryp nie......

Wanneer alles bedaar het, deursoek hulle die poeletjie vir die Seekat. Maar hy het soos 'n groot speld verdwyn. "Hoe is dit op dees aarde moontlik dat so 'n groot ding in so 'n klein poeletjie kan wegraak?" wonder Chris hardop.

Wat die twee nie weet nie, is dat 'n Seekat homself deur die



kleinste ou gaatjie kan wurm. Hy het mos nie bene in sy lyf nie!

Eers later daardie middag, toe hulle vir Oupa van die petalje vertel het, moes hulle hoor hoe 'n wonderlike ding 'n Seekat nou eintlik is. Hy is eintlik 'n uitgegroeide slak, met 'n paar oë amper soos dié van 'n kat - dis waar sy naam vandaan kom. 'n Seekat word ook nie baie oud nie - die meeste van hulle word maar 'n jaar of twee oud. Maar die wonderlikste van alles is die seekatmamma se allesopofferende

liefde vir haar kinders. Wanneer sy haar eiers gelê het in 'n holte in die rots, dan verdedig sy daardie kosbare eiertjies met haar lewe. Solank as watdie eiertjies daar hang, sal sy daar bly. Sy beweeg nie eers 'n tree weg om te gaan eet nie.

Maar terselfdertyd blaas die mamma ook gedurigdeur water oor die eiertjies sodat hulle altyd genoeg suurstof het om aan die lewe te bly en sodat daar nie dalk sand of iets aan hulle vasklou nie. Die eiertjies moet in perfekte

toestand bly sodat die klein seekatjies wat uitbroei blakend gesond sal wees.

Maar intussen ly die mamma baie swaar daar onder, want ter wille van haar kindertjies word sy al maerder en swakker. Teen die tyd dat hulle uitbroei is die arme mamma al so swak dat sy nie meer kan gaan kos soek nie, en dan gaan sy letterlik dood van die honger. Alles ter wille van haar kinders. Sy sterf sodat hulle kan lewe!

Adri begin sommer snik - dit is so droewig! "O, ek kry die arme

seekatmamma so jammer!" huil sy.

"Ja Adri," kom Ouma nou ook by, "maar onthou dat Jesus dieselfde gedoen het."

En dan vertel Ouma van Jesus - hoe Hy verskriklik gely het. Die Joodse leiers het Hom vervolg - hulle wou Hom doodmaak. Hulle het Hom gevang en toe het hulle Hom stukkend geslaan met 'n gésel. Later het hulle 'n kroon van aaklige skerp dorings op sy kop gesit en Hom gespot. En toe kap hulle sulke aaklige dik ysterspykers deur Sy hande en deur Sy voete aan 'n

rowwe kruishout vas. En hulle laat Hom daar in die bloedige warm son hang om dood te gaan.

Jesus het nie probeer weghardloop vir hulle nie - Hy het vrywillig al hierdie dinge aan Hom laat doen, sonder om eers te aarsel.

"Weet julle waarom?" vra Ouma, en dan gee sy sommer self die antwoord: "Omdat Jesus so lief was vir ons mense - ook vir my en Oupa en julle twee, dat Hy vrywillig al hierdie verskriklike dinge deurgegaan het om te betaal

vir ons sondes. Hy het gesterf sodat ons kan lewe, want as Hy nie betaal het nie, moes ons sélf daarvoor betaal, en dan was ons almal dood."

"Nou verstaan ek, Ouma!" Daar gaan vir Adri 'n liggie op. "Ek kon nog nooit verstaan hoekom die grootmense altyd sê dat Jesus vir ons sondes gesterf het nie. Maar nou verstaan ek - dit is nes daardie seekatmamma wat doodgaan sodat haar kindertjies kan lewe - so het Jesus gesterf sodat ons kan lewe."

“Ja Adri,” sug Ouma, “en al wat ons moet doen, is om in Jesus te glo - Hom in ons harte te hê.”

“Maar nou moet julle tweetjies gaan inkruip, want môre is dit baie vroeg uit die vere met julle. Die vliegtuig wag nie vir 'n mens nie, en ons moet vroeg op die lughawe wees vir julle vlug huistoe!”

Sleepvoet en met 'n swaar hart gaan Chris kooi toe. Waarom is vakansies dan so kort? Hy wens so dat hy sommer 'n jaar lank vir Oupa-hulle kan kom kuier - daar is nog só baie dinge wat hy wil leer

oor die see!

“Nag Chris!” skree Adri uit haar kamer uit.

“Nag Adri! Nag Oupa! Nag Ouma! Nag see......”